

'n Dialekgeografiese Studie van die Omgewing
van Brits.

deur

THOMAS CORNELIS BOTHMA .

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die Graad van Magister
in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA.

November 1946.

I N H O U D .

	<u>Bladsy.</u>
Inleiding.	2 - 3.
HOOFSTUK I.	
'n Historiese Skets van die Distrik Brits.	4 - 9.
HOOFSTUK II.	
Uitspraak.	10 - 15.
HOOFSTUK III.	
Woordeskat.	16 - 64.
HOOFSTUK IV.	
Betekenisdifferensiasie.	65 - 70.
HOOFSTUK V.	
Sintaksis en Vormleer.	71 - 73.
Opsomming.	74.
Literatuurlys.	75.
Lys van Plekname.	76.
Kaarte van die Omgewing.	77 - 78.

I N L E I D I N G .

Wanneer 'n mens jou aan dialekondersoek wil wy, is dit verreweg die raadsaamste om by die omgewing te begin waarin jy grootgeword het. Dit het die voordeel dat jy vertrouwd is, nie alleen met die taal van die mense om jou nie, maar ook met die lewensgewoontes, -omstandighede, en die ⁹meer. Jy kan dan maklik die beste proefpersone kies en is bewus van elke eienaardigheid in hulle taalgebruik.

Hierdie studie berus op 'n kombinasie van die direkte en indirekte metodes van dialekondersoek, wat stellig die beste resultate oplewer. 'n Ondersoek op die direkte manier alleen vereis baie tyd, en 'n mens is nie altyd in staat om elke plaas self te besoek om jou informasie in te win nie. Aan die ander kant is die gegewens wat slegs op die ⁱⁿdirekte manier verkry is, nie altyd betroubaar nie. Dit spreek vanself dat die medewerker nie soveel ywer aan die dag sal lê nie, en daarby weet hy nie altyd waarom 'n vraag presies gaan nie. Die gevolg is dat hy nie goed luister nie en maar naastenby neerskryf wat hy gehoor het. Dikwels is hy nie versigtig genoeg met 'n vraag nie sodat die proefpersoon agterkom waarop die medewerker afstuur en dan 'n ander woord gebruik as die wat hy in sy alledaagse omgangstaal besig.

Maar die ⁱⁿdirekte metode het onder andere ook die voordeel dat die medewerker sy omgewing beter ken, sy proefpersoon beter kan uitkies en veel meer geleentheid het om waarnemings te maak. Die belangstellende

medewerker...../

medewerker verskaf 'n mens dan ook dikwels baie belangrike informasie in die vorm van 'n kort opmerkinkie of verduideliking agter 'n sekere vraag, juis omdat hy soveel meer vertrouwd is met die gewoontes, leefwyse ens. van die proefpersoon. (Vir 'n breedvoeriger bespreking van die die twee metodes word verwys na Roukens se Wort- und Sachgeographie in Niederländisch-Limburg und den benachbarten Gebieten, Teil 1 A).

Wat die vraelyste vir hierdie studie betref, moet daar vermeld word dat daar in hoofsaak gebruik gemaak is van die lysie van dr. S.A.Louw, soos afgedruk in sy Taalgeografie. Waar daar nog betreklik min gedoen is aan hierdie onderwerp, spreek dit byna vanself dat nie sommer elkeen hom kan waag aan die opstel van 'n vraelys wat enige vrugte sal oplewer nie.

'n Faktor wat die ondersoek bemoeilik het, is nie alleen die baie nuwe intrekkers nie, maar in 'n groot mate ook die nedersettings. As gevolg van die omgang met mekaar en die baie rondtrekkery het hulle beslis invloed op die taal van die ou inwoners gehad. Die moeilik-hede waarmee die ondersoeker te kampe kry, is duidelik.

Omdat hierdie ondersoek op 'n baie klein geografiese ruimte betrekking het, spreek dit vanself dat 'n mens nie meer daarvan moet verwag as wat dit kan oplewer nie. Die grootste waarde wat dit dan ook het, is om te kan aantoon watter verskillende vorme van 'n woord in hierdie omgewing aangetref word. Dit is uit die aard van die saak te gering om enige definitiewe gevolgtrekkings op te wil baseer.

H O O F S T U K 1 .

1. 'n Historiese Skets van die distrik Brits.

Die distrik Brits beslaan die westelik-sentrale deel van Transvaal. As distrik is dit in 1928 deur goewermentsproklamasie in die lewe geroep, maar die geskiedenis daarvan gaan terug tot ongeveer die helfte van die negentiende eeu.

Die distrik ontleen sy naam aan die spoorwegstasie op die lyn van Pretoria na Rustenburg; die stasie weer, is vernoem na die eienaar van die plaas waarop dit geleë is, naamlik mnr. G. Brits. Hierdie spoorlyn is in 1906 voltooi; dit is egter reeds vroeër opgemeet en een van die werktuigkundiges was 'n sekere mnr. De Wildt, na wie die stasie De Wildt vernoem is.

Die grootste gedeelte van hierdie distrik het vroeër 'n deel uitgemaak van die distrik Pretoria en het bestaan uit vier groot plase: Skeerpoort, de Kroon, Zoutpansdrift en Beestekraal. Dis hoofsaaklik as gevolg van die Hartbeespoort-irrigasieskema en die daarmee gepaard gaande ontwikkeling van goewerments- en privaatplase dat hierdie plase, wat anders niks anders as weiveld sou wees nie, die produseerders van die vernaamste oeste van die distrik geword het.

Voor die Anglo-Boere-oorlog was die boere van dié distrik, veral in die noord-westelike gedeelte, lede van die Gereformeerde Kerk en in 1870 - 1872 het hulle 'n aansienlike deel van die Dorslandtrekkers gevorm. Selfs vandag nog woon hier enkele van daardie Dorslandtrekkers.

In die donker jare van 1864 was die twee Boereafdelings van die Transvaal in die distrik, en die burger-

twis...../

twis van die twee Kommandante is beëindig onder die groot kareeboom langs die Pretoria - Britspad. (Vandag is daardie boom afgekamp en onder die beskerming van die Reddingsdaadbond). Gedurende die Engels-Boere-oorlog is 'n Engelse stelling op Silkaatsnek (oor die Magaliesberg) deur Generaal de la Rey aangeval. 'n Aantal oorlogsgrafte getuig nog van 'n hewige geveg.

In 1912 het wyle Generaal Hertzog te De Wildt sy bekende toespraak gehou wat tot gevolg gehad het die stigting van 'n nuwe politieke party, waardeur die Suid-Afrikaanse politieke aangeleenthede geaffekteer is.

Reeds jare lank was die opdam van die Krokodilrivier, waar dit deur die Magaliesberg stroom, in die gedagte van die goewerment, maar eindelik is in Maart 1921 'n begin daarmee gemaak. Tot 1937 was dit die grootste irrigasieskema in Suid-Afrika. Verreweg die grootste gedeelte van die werkers was sogenaamde „armblankes“. Oral langs die kanale aan die ooste- en westekant van die rivier was kampe vir die werkers. Die huise was hoofsaaklik hutte van „hessian“, seil en hout. Op 'n sekere tyd was daar selfs tot vierduisend siele in hierdie kampe met skole en welsynsorganisasies. Gevolglik het die distrik 'n kunsmatige populasie van die „armblanke“-tipe gehad wat bystand en onderhou van die goewerment ontvang het. Kantore vir die besproeiingsingenieurs is opgerig te Hartbeespoort en Mamagalieskraal. Vandag is daardie geboue die Huishoudskool en Landbouvakskool, respektiewelik.

Na die voltooiing van die Hartbeespoortdam is die beste van die „armblanke“-arbeiders uitgesoek en op goewermentsnedersettings te Geluk, Sonop, Losperfontein

en...../

en Mamagalieskraal geplaas. Plase, huise, implemente en 'n subsidie is aan hulle verskaf. Die uitbouing van die irrigasieskema het nie net armlankes getrek nie, maar ook die rondtrekkende element in die bevolking van Suid-Afrika wat geen tevredenheid in gevestigde verblyf kan kry nie, en hulle invloed is op die bevolking afgedruk. Dis eers met die herorganisasie van die nedersettings dat daar gepraat kan word van 'n enigszins hardwerkende populasie, alhoewel 'n reuk van „armblankedom" nog steeds daaraan waskleef.

Nie alleen het die bevolking vinnig aangegroei as gevolg van die nedersettings nie, maar ook het 'n vinnige ontwikkeling in die boerdery plaasgevind — veral in die kweek van tabak. Voorheen was citruskwekery die vernaamste, maar as gevolg van citruskanker, onder meer, het dit 'n sekondêre plek begin beklee. Gedwonge ko-operasie in die produksie van tabak het hierdie bedryf vinnig laat floreer, sodat dit vandag hierdie omgewing se vernaamste oes uitmaak.

2. Enkele Geografiese Besonderhede.

Vir die taalgeograaf is die bodemgesteldheid van die omgewing waarin sy proefpersone woon van belang, want taal hang saam met die gebied waarin dit gepraat word; die twee kan nie van mekaar geskei word nie. In die woorde van F. Karg soos aangehaal deur Adolf Bach, die Duitse Taalgeograaf: „Sprache gehört zu einem Raum, in dem sie gesprochen wird, in dem sie vor allem historisch geworden ist. Von diesem Raum kann sie nicht gelöst werden, ohne ihn ist sie nicht denkbar. Dieser Raum aber ist ein Geistiges, ein Komplex, der

durch...../

durch gleiches historisches Erleben zusammengeschmiedet wurde. In ihm sind die historisch-politischen, die kirchengeschichtlichen und kulturhistorischen Gegebenheiten aufeinander bezogen. Die Erscheinungen sprachlicher und überhaupt volkskundlicher Art, kurz alle Äusserungen des Gemeinschaftsgeistes stellen sich auf ein ander ein, richten sich nacheinander aus, so dass sie schliesslich mit der Landschaft, dem geschichtlichen, dem geistigen Raum verwachsen und nicht mehr daraus zu lösen sind". (Deutsche Mundartforschung, bls. 100).

Groot klimaatsverskille tussen die verskillende streke is gunstig vir die ontstaan van dialektiese eienaardighede. Die bedryf waarmee bewoners van 'n bepaalde streek hulle sal besighou, sal in 'n groot mate afhang van die temperatuur, die reënval, die minerale rykdomme en die vrugbaarheid van die bodem. Die geologiese en klimatologiese gestoldheid van 'n bepaalde gebied speel 'n belangrike rol in die leefwyse van die bewoners, en die gevolg van 'n verskil in leefwyse en lewensbedryf is 'n verskil in taal, wat natuurlik vanselfsprekend is. Elke bedryf het sy spesifieke behoeftes waarin die taal moet voorsien.

In die suide grens die distrik aan die Hoëveld, ten noorde van die Magaliesberg is dit Middelveld en nog verder noordwaarts kry ons die Bosveld. As gevolg van sy ligging word in hierdie streek die weersgesteldheid van sowel die Hoëveld as die Bosveld belewe. Die noorde-like grens word gevorm deur die Apiesrivier.

Die gemiddelde reënval is 27 duim en die gemiddelde temperature is 74 grade in die winter en 84 in die somer, maar temperature tot die hoogte van 105 is al

belewe..../

belewe.

Deur die bodemgesteldheid is die distrik hoofsaaklik geskik vir tabak, koring, mielies, katoen en beesboerdery, hoewel ander gewasse darem ook aangekweek word, maar met minder sukses.

3. Dorpe.

Die vernaamste „dorpies" (townships) in die distrik is Kosmos, Schoemansville en Brits. Brits, die hoofdorp, is vernoem na die oorspronklike eienaar van die plaas waarop dit geleë is.

4. Skole en Opvoeding.

By die Hartbeespoortdam is 'n Huishoudskool en ongeveer vier myl ten noorde van Brits is 'n Landbouvakskool. In die dorp self is 'n hoër- en junior-hoërskool; verder is daar een-en-twintig laerskole in die distrik. Die leerlinge wat die distrikskole verlaat, moet na die hoër- of junior-hoërskool te Brits gaan met die gevolg dat 'n uitgebreide bussisteen en 'n skoolkoshuis ontwikkel het.

5. Kerke.

Die samelewing in hierdie omgewing omvat bykans alle moontlike kerkverbande. Van die Afrikaanse kerke is die Gereformeerde gemeente van Krokodilrivier wat in 1911 gestig is, die oudste. Op twee plekke, nl. te Zoutpansdrif en Rookoppies-Wes, het die lede van hierdie kerk feitlik geslote gemeenskappies gevorm.

6. Eerste Intrekkers.

Vir die geskiedenis van die eerste inwoners moet ons teruggaan tot ongeveer die helfte van die 19de eeu. Die eerste inwoner van hierdie omgewing was waar-

skynlik...../

skynlik die broer van die president, naamlik Tjaart Kruger, wat Zoutpansdrif as plaas gehad het. Wyle mnr. Brits, die vader van die oudste nog lewende inwoner van die omgewing, was 'n bywoner op die plaas van Tjaart Kruger. Hier het eersgenoemde egter genoeg geld gekry en die plaas Roode- of Swartkopjes No.132 vir driehonderd riksdalders gekoop.

Sover ek deur navraag kon uitvind, het die eerste intrekkers uit die Kaapprovinsie gekom; ongelukkig kon ek nie vasstel uit watter distrikte nie. Dit was die geval met die oudste proefpersoon se ouers wat saam met die Voortrekkers die Kolonie verlaat het en in die Oranje-Vrystaat die plaas waarop Bloemfontein vandag geleë is, besit het. Hierdie plaas is egter deur die Engelse ont-eien omdat hulle die soewereiniteitsreg gehad het, Van-uit die Vrystaat het hy na Zoutpansdrift naby Brits gekom. Daarna het meer intrekkers hulle hier kom vestig.

H O O F S T U K 11 .

UITSpraak.

7. Dit is vandag 'n algemeen-erkende feit dat daar tussen die Afrikaans van verskillende streke allerlei fonetiese verskille is, ook by lede van dieselfde sosiale stand. Dikwels is hierdie dialektiese afwykinge so uitgebreid en algemeen oor die hele Afrikaanse spraakgebied dat 'n mens soms wonder of dit wel afwykinge genoem kan word, want hulle is nie tot sekere lokaliteite beperk nie. By die studie van die spreektaal van bykans enige omgewing is dit die geval wat deur die student aangetref word. Maar vir die taalgeografie is dit van belang om al hierdie verskynsels op te teken, om te weet hoedanig en waar dit oral voorkom. Daarom sal dit dan ook die moeite loon om dergelike fonetiese afwykinge, soos waargeneem uit die vraelyste, hier kortliks aan te stip.

8. Gerieflikheidshalwe begin ons by die klinkers om daarna die tweeklanke en medeklinkers in oënskou te neem.

[ɛ] - [u] . In enkele gevalle wissel [ɛ] met [u], veral in die woord met in 'n sin soos: Gaan saam moet hom!

9. [o] - [ə] :bv. probeer x prebeer. Naas prebeer kom die vorme perbeer en pebeer voor, maar eersgenoemde word die meeste gebruik.

10. [ɔ] - [ə] . Hierdie wisseling kom voor in die woord portuur x petier: Hy is nie my petier nie.

11. /

11. [ɔ] kom as [a] voor in fantein vir fontein.

12. [a] - [ə] . Voorbeelde: patroon x petroon; party
x perty; kalant x kelant; tante x taanta, e.d.m.

[a] - [ɔ] in 'n paar gevalle soos: pampoen uitgespreek
pompoen en pampelmoes uitgespreek pompelmoes.

13. [ə] - [a]. Behalwe in uitgange waar dit baie algemeen
en gewoon is, bv. lewendag vir lewendig en verder al die
-ig-uitgange, is dit 'n enkele keer opgemerk in die uit-
spraak lamoen vir lemoen.

[ə] - [ɛ] . Kom baie algemeen voor in woorde soos hinder,
innerlik, ondervinding en gesig uitgespreek as henner,
ennerlik, ondervending en geseg. (Lys C 21).

[ə] - [e:] is nie so gewoon soos byvoorbeeld in die taal
van die kleurlinge nie, maar dit word dikwels aangetref,
in die meeste gevalle in die woord keesklere vir kisklere
en geester (of sjeester) vir gister.

14. Die wisseling [ɛ] - [ə] is, soos , baie
verbreid, maar nie algemeen nie. Veral word dit by die
ouer lede van die spraakgemeenskap aangetref. 'n Paar
voorbeelde is die volgende: tint vir tent, rinte vir
rente, vint vir vent, stim vir stem, gimmer vir gemmer,
distyds vir destyds, en so meer. Mit vir met word hoof-
saaklik, 'n mens kan byna sê uitsluitlik, by die oudste
sprekers aangetref, sodat ons met dr. Louw saamstem waar
hy sê dat mit vroeër baie meer algemeen was as met van-
dag. (Taalgeografie, bls. 141).

[ɛ] - [a] . Ken word kan in die sin: Ek kan hom goed.
Die omgekeerde, iets wat eienaardig is, is ook opgeteken
in die uitdrukking: Ek ken dit nie doen nie.

[ɛ] - [æ]/

[ɛ] - [æ]. In verskeie gevalle is dit gevind dat die [ɛ]-klank meer oop en 'n bietjie laer uitgespreek word as die standaard [ɛ], bv. melk x mælk, lekker x læker, en x æn. Uit dergelike voorbeelde blyk dit dat dit die geval is voor l en r, sodat ons miskien in hierdie geval te doen het met die invloed van die l en die r op klinkers, wat deur die hele Afrikaanse spraakgebied werksaam is. (Vgl. Afrikaanse Fonetiek, par. 254).

15. [ø] - [e:]. Ontronding is tipies van die jonger geslag: neus x nees; seun x seen.

16. Die omgekeerde van voorgaande is weer iets karakteristieks van die ouer persone: speel x speul; sewe x seuwe; teen x teun; veel x veul.

17. [e:] - [ø] is 'n wisseling wat baie seldsaam is en meestal net in die woord wanner vir wanneer voorkom.

[e:] - [ei]. Net soos veul en seuwe is gemeinte vir gemeente 'n verskynsel wat onder die ouer geslag werk. Teiken vir teken, daarteenoor, word in hierdie omgewing uiters selde teengekom.

18. [i] - [ei] word aangetref in die uitspraak iedereen vir iedereen. Hier moet ons weer opmerk dat dit veral by die ouer sprekers gevind word.

19. [y] - [i]. Die ongeronde vorm word baie dikwels gebruik in plaas van die geronde. So word muur uitgespreek as mier en vuurhoutjies as vierhoutjies.

20. In voerhoutjies wissel die [y] met [u]. Dikwels is hierdie klank so swak beklemtoond dat ons naastenby die uitspraak veroutjies of selfs vroujies hoor. Hoe

sou...../

sou so 'n verswakking van die vokaal in die lettergreep met hoofklem te verklaar wees aangesien vokale in lettergrepe wat die hoofklem het gewoonlik nie 'n verswakking ondergaan nie? Is dit nie moontlik dat die lettergreep in hierdie geval nie die hoofklem het by sommige sprekers nie? Indien so, is die saak opgelos.

21. Wat die tweeklanke betref, is die afwykinge van die algemeen-beskaafd veel beperkter as op die gebied van die klinkers. Enkele opvallendes is die volgende:

22. [ei] - [ə] . Eintlik word uitgespreek as entlik of selfs inklik, waarnaas die vorme eentlik en ingelik aangetref word.

23. [ou] - [o:] in die voorbeelde kouvoël wat as koovoël uitgespreek word.

24. In verband met die medeklinkers kan ons opmerk dat daar 'n paar pare is wat met mekaar afwissel. 'n Wisseling wat hierlangs baie waargeneem word, is die van b met p. Soms is dit uiters moeilik om vas te stel watter die meeste gebruik word. 'n Paar van die vernaamste voorbeelde is die volgende: bebeer vir probeer; petaal vir betaal; petyds vir betyds. Pegin vir begin het ek onder die blankes nie opgeteken nie, maar onder die kaffers is dit nogal gewoon. Dis eienaardig dat hierdie wisseling nie in alle woorde wat met b begin, werksaam is nie.

'n Verklaring van die wisseling b - p vind ons in die werk van dr. Rademeyer: „In Afrikaans is die oorgang van b tot p 'n baie verbreide verskynsel; ook die omgekeerde. Dit is waarskynlik hieraan toe te skryf dat die stemhebbende eksplosiewe nie volledig-stemhebbend is soos bv. in Frans nie. Die gevolg is dat die stemhebbende

en...../

en stemlose eksplosiewe baie na aan mekaar staan en die een dus maklik deur die ander kan vervang word". (Kleur-ling-Afrikaans, par. 111 opm.).

25. d - t is ewe algemeen as b - p. Soldate kom voor as soldade en Saterdag as Saderdag. In albei gevalle is dit die d wat die voorafgaande en volgende t so beïnvloed dat dit geheel aan hom gelyk gemaak word, omdat die d en die t se artikulasie-plek baie na aan mekaar lê. Naas soldade kry ons ook die vorm soldare. (Vgl. ook parra vir padda).

26. Die d gaan oor tot l in die voegwoord dat wat as lat uitgespreek word, 'n verskynsel wat oral voorkom. Ons wil voorspel dat dit na 'n aantal jare die enigste uitspraak sal wees, as dit nie vandag al die geval is nie.

27. Die frikatief [x] tree op as [ʃ] in die woorde sjelt, sjieter, sjee en sjeel vir geld, gieter, gee en geel.

[x] - [ʃ] . In sommige gevalle kom die stemlose frikatief intervokalisies as stemhebbend voor, bv. in die woorde suie en suier wat respektiewelik uitgespreek word suige en suiger.

28. Verwag sal word dat 'n persoon wat suige sê ook sal sê sogge, egge, oge en nege, wat egter nie die geval is nie. 'n Proefpersoon wat beweer het dat hy altyd sê êe, sôe en oë en nooit die [ʃ] in hierdie ~~verband~~ gebruik nie, het kort na die argument gepraat van 'n pompsuiger wat sy vriend vir hom gemaak het. Hieruit blyk dit weereens hoe noodsaaklik dit is om nie jou

proefpersoon...../

proefpersoon bewus te maak van die verskynsel waarna jy soek nie. Hy moet in 'n gesprek gewikkel word waarin hy onbewus die vorm sal gebruik wat hy in sy alledaagse taal aanwend. Op hierdie manier kry die taalondersoeker die mees betroubare gegewens. Maar dikwels is die student se tyd so kosbaar dat hy nie ure kan opoffer vir 'n paar gegewens nie. As daar in aanmerking geneem word hoeveel tyd nodig is om maar net één vraelys op hierdie manier deur te werk, is dit vanselfsprekend dat taalondersoek nie 'n werkie is wat as tydverdryf of in jou ledige uurtjies gedoen kan word nie — dit vereis baie tyd om dit deeglik te doen.

H O O F S T U K 111.

WOORDESKAT.

29. Vir die beginner in taalondersoek is dit raad-
saam om hom eers besig te hou met die woordeskat en nie
net afwykende betekenis op te teken nie, maar alle be-
tekenisse. As jy dit doen, kry jy onmisbare gegewens wat
verband hou met die kultuur-toestand van jou proefpersone.
In verband met die kultuur-toestand is dit dus van die
grootste betekenis om te begin met die woordeskat.

30. Om dan mee te begin, gee ons hier drie voor-
beelde van beantwoorde lyste en 'n frekwensielys. Daarna
sal ons dan enige vorme bespreek en 'n paar gevolgtrek-
kinge maak. Ek het hierdie bepaalde lyste as voorbeelde
gekies omdat dit verteenwoordigend van die oudste inwoners
van hierdie omgewing is en dus die beste weergawe sal wees
van die taal van die eerste inwoners en omdat die taal van
hierdie oudstes as uitgangspunt kan dien in die opspoor
van die oorspronklike betekenis van sekere woorde wat
vandag baie deurmekaar gebruik word. Veral wanneer ver-
skillende van hierdie oues ooreenstem, het 'n mens 'n
sterk argument. Dan kan 'n mens mooi sien watter ont-
wikkeling aan die gang is — verwarring, uitskakeling,
invloed van die skool, letteruitspraak of betekenisdif-
ferensiëring.

(Voorbeeld 1. Lys C 21).

Proefpersoon: Naam: (Baie ou Inwoner).

Plaas: Rooikoppies (Brits).

Beroep:...../

Beroep: (praktiese) Boer. Ouderdom: 84jr.

Kerk: N.H.G. Geboorteplek: Brits.

Geboorteplek van ouers: Kaapkolonie.

Hoelank word die plase in die omgewing al bewoon? Vanaf 1850.
Waar het die eerste inwoners vandaan gekom? Kaapkolonie.

Woon daar baie latere intrekkers? Ja.

(Die onderstreepte woorde is die wat deur die
proefpersone gebruik word).

1. Hoe word (i) die klein (ii) die groot wilde waatle-
moen by u genoem? (bv. makketaan, karkoer). groot -
makketaan; klein - karkoer.
2. stinkblaar / ditter / stinkolie / olieboom / joi-blaar.
3. varkblom / varkoor / varkensoor / varkblaar / varkies-
blom. (Proefpersoon gebruik gewoonlik lelie).
4. var (varre) / varing / varo.
5. Hoe sê u vir appelderliefde (gooseberry)? appeltelief-
te.
6. dalia / adalia.
7. petat / petatta / petatas / petats.
8. aartappel / artáppel / ertappel / ertáppel.
9. Wat is die meervoud van ui? uie.
10. ertjies / erkies / erte.
11. boontjies / bone.
12. turksvye / turksvyge / strukvye / stuksvye / struks-
vye / sturksvye / petaasvy.
13. olienhout / oliewenhout / olynhout.
14. onkerneut / okkerneut.
15. perske / perskie / sperskie / sperkie / persie /
sperkies / perskies.
16. uintjie / euntjie / untjie.
17. peul / puil / peel. (bv. van boontjies).

18...../

18. katbos / katstert. (verskillend).
19. naboom / noorsdoring.
20. kiepersol / sambreelboom / nooiensboom.
21. gareboom / garingboom / aalwee.
22. gimmer / gemmer / sjemmer / sjimmer.
23. Hoe word 'n bees' sonder horings genoem? poenskop / boeskop / spoenskop / koeskop.
24. 'n Kruising tussen 'n perd en 'n donkie? muil.
25. krokkel / krokkelil.
26. bobbejaan / bawwejaan / boejaan / bojaan / bôjaan.
27. vlakhaas / vlaktehaas.
28. trapsuutjies / trapsoetjies / trap-my-suutjies.
trapsuutjie - proefpersoon sê trapsuutjies is mv.
29. akkedis / akkerdis / akkeldis.
30. ouvolk / skurwejantjie.
31. skulpad / skeulpad / skilpad.
32. meerkat / mierkat.
33. fiskaal / laksman / kanariebyter.
34. kokkewiet / kokkewiek / bokmakierie / piet-my-vrou.
35. koester / koeskoester.
36. janfrederik / jantatra.
37. geelvink / borrievink / borrelvink.
38. katlagter / kwêvoël. (verskillende soorte).
39. kouvoël / koovoël / lammervanger.
40. tarentaal / taremtaal / tramtaal / poelpetaan.
41. spinnerak / spinnerag / spinrak / spinnekoprak.
42. boomsingertjie / sonbesie / boombesie / singbesie / langasem.
43. bynes / byenes / hunningnes / heuningnes / ~~heningnes~~.
44. hunning / heuning / hening.
45. melk / mellik / mjelk.

46...../

46. Jaag die vee / vie deur die dip / diep!
47. oormôre / oremore / oormore.
48. ploeg / ploee / ploege. ploeëas ww. — ploege as nw.
49. tent / tint.
50. kind / tjind / tjent / Kjint.
51. tuin / tein.
52. Die seun / seen het versuip / verdrink omdat / oorlat hy nie kon swem / swim nie.
53. rivier / ravier.
54. grawe / gra / grou / grau 'n voortjie / grippie om die blomme in te plant! Sê ook rytjie.
55. windpomp / windmeul / windmeule.
56. die bestaande / bestanende voorraad.
57. warrelwind / dwarrelwind.
58. garingklip / wolklip. Albei onbekend.
59. ouklip / oubank / gruisklip. Gebruik ook griwwel - gruis is amandelklip.
60. geut / guit. (eintlik gjeut).
61. probeer / perbeer / pebeer / prebeer.
62. asseblief / assembleief / assambleief. asublief.
63. goewerment / goewermint / gormint / gowwermint / gowwerment / gorment.
64. baie / baja / baiing / baje / baia.
65. prent / print.
66. beteken / peteken / beteiken.
67. gehoorsaam / gehoorsamig / gehoorsamig.
68. Ek het geverwag / verwag dat hy sal beef / bewe van angs.
69. Hoe word koffie sonder melk of suiker genoem? bitterkoffie.
70. Loop gool / skink vir die niggie / neggie 'n koppie

koffie...../

- koffie / kôfie in!
71. krimenaadjie / karnaadjie / kirnaadjie.
72. hingsel / hengsel.
73. horlosie / oorlosie / orlosie / olosie.
74. skoenlees / skoenlys / ysterlees. (Skoenlees is van hout).
75. vuurhoutjie / voeroutjie / swaelhoutjie / vierhoutjie.
76. drumpel / drempel.
77. slordig / slorsig / slodrig / slorrag.
78. Sy knie / knee / kneeg brood.
79. genoeg / genog.
80. Hy gooi / goi beter / beterder as / dan ek.
81. Skielik / skierlik het hulle geen vertrouentheid / vertrouwe meer in hom nie.
82. 'n deeglike / deetlike / deëlike / deitlike stuk werk.
83. Aia gaan help die noui / noi in die kombuis.
84. Die stoel moet hoër / hoger wees as dit te leeg / laag is.
85. Destyds / distyds het ek hom al gewaarsku / gewaar-skou.
86. kastig / kastag / kamtig / kamma / kammakastig / kammalielies;
87. Ek ken / kan / kin sy familie / famielje ook / ok.
88. eintlik / eentlik inklik / entlik / inkeld.
89. Op watter / waffer dae / dage gaan die predikant / leëraar kollekteer / kollek / kolleteer / kwaliteer?
90. Dit is heeltemal / heenteman / heelteman / hjeente-man / jinteman verkeerd.
91. As hy lank genoeg leef, sal aan hom 'n pensioen / spensioen / spesioen uitbetaal / uitpetaal word.
92. Dit is sy noui / nōi / nouie / nōie.

93. sonstraal / sonsteek.
94. kinds / kins / kens.
95. pitseer / pitsweer / bloedvint / bloedvin.
96. verlip / verlep.
97. medisyne / middersyne.
98. sewe / seuwe.
99. nege / neë / nege. (soos in dage).
100. Engelsman / Ingelsman; Engelse / Ingelse.
101. bromkaaitjies / brongkaitis.
102. Daar onder / onner / oener in die laagte / leegte
loop 'n trop bees / beeste.
103. Pleks van / in plaas van te gaan speel, staan jy
en rusie / roesie soek. (in pleks van).
104. Hy het die land sleg regeer / geregeer. (resjeer).
105. Is dit waar dat / lat / laat hy so baie drink?
106. Die heiden / heiding kan nie eers sy naam teken /
teiken nie.
107. Ek stem / stim nie weer vir so 'n vabond / vagebond
nie.
108. Dinsdag / Dingesdag.
109. Januarie / Jannewarie; Februarie / Fewerwarie;
Desember / Deetseember / Deetsimmer; Junie / Joenie;
Julie / Joelie / Joely.
110. Die kinders moet geënt / geïnt word / worre.
111. Die hele spul / speul / speuletjie is ewe sleg.
112. Sê groete / groetnis / kompliminte aan al die
bekendes / bekindes.
113. Neem dit met / mit / moet jou saam.
114. poeding / poering / poerieng.
115. bottel / borrel.
116. vadoek / varoek.

117. /

117. Hoe gaan dit nog met pa-goed? pa-hulle.
118. oorlede / oorleë / oorle pa.
119. Hoe word Greyling uitgespreek? Greeling / Kreeling.
120. Die hoofstad van O.V.S. is Bloemfontein / Blomfontein / Bloemfantein.

(Voorbeeld 2. Lys no. A 4).

Proefpersoon: Naam: (Ou Inwoner).

Plaas: Hekpoort.

Naaste skool: Hekpoort.

Beroep: Boer. Ouderdom: 81 jaar.

Kerk: N.H.G. Geboorteplek: Hekpoort (?).

Hoelank woon proefpersoon op hierdie plaas? Hier grootgeword.

Hoelank word die plase in die omgewing al bewoon? Lank.
Waar het die eerste inwoners vandaan gekom? Voortrekkers.
Woon daar baie latere intrekkers? Nie veel nie.

1. Hoe word (i) die klein (ii) die groot wilde waatle-moen by u genoem? (bv. makketaan, karkoer). groot - makketaan; klein - karkoer.
2. stinkblaar / ditter / stinkolde / olieboom / joi-blaar.
3. varkblom / varkoor / varkensoor / varkblaar / varkiesblom.
4. var (varre) / varing / varo.
5. Hoe sê u vir appelderliefde (gooseberry)? apteliefte.
6. dalia / adalia.
7. petat / petatta / petatas / petats.
8. aartappel / artáppel / ertappel / ertáppel.
9. Wat is die meervoud van ui? uie.
10. ertjies / erkies / erte.

11. /

11. boontjies / bone.
12. turksvye / turksvyge / strukvye / stuksvye / struksvye / sturksvye / petaasvy. (turksevy).
13. olienhout / oliewenhout / olynhout.
14. onkerneut / okkerneut.
15. perske / perskie / sperskie / sperkie / persie / sperkies / perskies.
16. uintjie / euntjie / untjie.
17. peul / puil / peel. (bv. van boontjies).
18. katbos / katstert.
19. naboom / noorsdoring.
20. kiepersol / sambreelboom / nooiensboom.
21. gareboom / garingboom / aalwee.
22. gimmer / gemmer / sjemmer / sjimmer.
23. Hoe word 'n bees sonder horings genoem? poenskop, boeskop, spoenskop, koeskop. (koenskop).
24. 'n Kruising tussen 'n perd en 'n donkie ? muil.
25. krokkedel / krokkedil / kokedil.
26. bobbejaan / bawwejaan / boejaan / bojaan / bôjaan.
27. vlakhaas / vlaktehaas.
28. trapsuutjies / trapsoetjies / trap-my-suutjies.
29. akkedis / akkerdis / akkeldis.
30. ouvolk / skurwejantjie. (onbekend).
31. skulpad / skeulpad / skilpad.
32. meerkat / mierkat.
33. fiskaal / laksman / kanariebyter.
34. kokkewiet / kokkewiek / bokmakierie / piet-my-vrou.
35. koester / koeskoester.
36. janfrederik. / jantatra. (dikkopkorhaan).
37. geelvink / borrievink / borrelvink.
38. katlagter / kwêvoël. (verskillend).
39. kouvoël / koovoël / lammervanger.
40. tarentaal / tarentaal / trantaal / poelpetaan.

41. /

41. spinnerak / spinnerag / spinrak / spinnekoprak.
42. boomsingertjie / sonbesie / boombesie / singbesie / langasem . (ook langasemkriek).
43. bynes / byenes / hunningnes / heuningnes.
44. hunning / heuning / hening.
45. melk / mellik / mjelk.
46. Jaag die vee / vie deur die dip / diep!
47. oormôre / oremore / oormore.
48. ploeg / ploëë / ploege.
49. tent / tint.
50. kind / tjind / tjent.
51. tuin / tein.
52. Die seun / seen het versuip / verdrink omdat / oorlat hy nie kon swem / swim nie.
53. rivier / ravier.
54. grawe / gra / grou / grau / graaf 'n voortjie / grippie om die blomme in te plant.
55. windpomp / windmeul / windmeule.
56. geut / guit.
57. die bestaande / bestanende voorraad.
58. warrelwind / dwarrelwind.
59. garingklip / wolklip. (onbekend. asbestos, asbes).
60. ouklip / oubank / gruisclip.
61. probeer / perbeer / pebeer / prebeer.
62. asseblief / assemblief / assamblief.
63. goewerment / goewermint / gôrmint / gowwermint / gowwerment / gôrment.
64. baie / baja / baiing / baje.
65. prent / print.
66. beteken / peteken / beteiken.
67. gehoorsaam / gehoorsamig.
68. Ek het verwag / geverwag dat hy sal beef / bewe van

angs...../

angs.

69. Hoe word koffie sonder melk of suiker genoem? bitter-
koffie.
70. Loop gooi / skink vir die niggie / neggie 'n koppie
koffie / kôfie in.
71. krimenaadjie / karnaadjie / kirnaadjie. (kramnaadjie).
72. hingsel / hengsel.
73. horlosie / oorlosie / orlosie / olosie.
74. skoenlees / skoenlys / ysterlees.
75. vuurhoutjie / voeroutjie / swaelhoutjie / vierhoutjie.
76. drumpel / drempel.
77. slordig / slorsig / slodrig. (slorsag).
78. sy knie / knee / kneeg brood.
79. genoeg / genog.
80. hy gooi / goi beter / beterder as / dan ek.
81. skielik / skierlik / skiedelik het hulle geen ver-
trouentheid / vertrou meer in hom nie.
82. 'n deeglike / deetlike / deëlike / deitlike stuk werk.
83. Aia gaan help die nooi / noi in die kombuis !
84. Die stoel moet hoër / hoger wees as dit te leeg /
laag is.
85. Destyds / distyds het ek hom al gewaarsku / gewaar-
skou.
86. kastig / kamtig / kamma / kammalielies / kammakastig.
(kastag).
87. Ek ken / kin / kan sy familie / famielje ook / ok.
88. eintlik / eentlik / inklik / entlik / inkeld. (ge-
bruik eigentlik).
89. Op watter / waffer dae / dage gaan die predikant /
leraar kollekteer / kollek / kolleteer / kwaliteer?
90. Dit is heeltemal / heentemal / heelteman / hjeente-
man / jinteman verkeerd.

91. /

91. As hy lank genoeg leef, sal aan hom 'n pensioen / spensioen / spesioen uitbetaal / uitpetaal word.
92. Dit is sy nooi / nôi / nooie / nôiie.
93. sonstraal / sonsteek.
94. kinds / kins / kens. (kjinds).
95. pitseer / pitsweer / bloedvint / bloedvin. (bloedven).
96. verlip / verlep.
97. medisyne / middersyne. (middesyne).
98. sewe / seuwe.
99. nege / neë / nege. (soos in dage).
100. Engelsman / Ingelsman; Engelse / Ingelse.
101. bromkaaitjies / brongkaitis.
102. Daar onder / onner / oener in die laagte / leegte loop 'n trop bees / beeste.
103. Pleks van / in plaas van te gaan speel, staan jy en rusie / roesie soek.
104. Hy het die land sleg regeer / geregeer.
105. Is dit waar dat / lat / laat hy so baie drink?
106. Die heiden / heiding kan / ken nie eers sy naam teken / teiken nie.
107. Ek stem / stim nie weer vir so 'n vabond / vagebond nie.
108. Dinsdag / Dingesdag.
109. Januarie / Jannewarie; Februarie / Fewerwarie; Desember / Deetseember / Deetsimmer; Junie / Joenie; Julie / Joelie / Joely.
110. Die kinders moet geënt / geïnt word / worre.
111. Die hele spul / speul / speuletjie is ewe sleg.
112. Sê groete / groetnis / kompliminte aan al die bekendes / bekindes.
113. Neem dit met / mit /moet jou saam.
114. poeding / poering / poerieng.

115. /

115. bottel / borrel.
116. vadoek / varoek.
117. Hoe gaan dit nog met pa-goed? pa-hulle.
118. oorlede / oorleë / oorle pa.
119. Hoe word Greyling uitgespreek? Greeling / Kreeling.
(Greyling).
120. Die hoofstad van O.V.S. is Bloemfontein / Blomfontein / Blomfantein.

(vraelys no. 2).

1. Hoe sê u as u beeste aankeer om in te span? hôi-hôi.
2. Hoe sê u as u die melkkoei na die paal dryf? plas-toe.
3. Die kalf moet 'n draaghout / nekhoutjie / karjuk / juk aankry sodat dit nie deur die draad kan kruip nie. (mikhout).
4. Die osse trek aan toue / kettings / trektoue / trek-kettings.
5. Hoe word die gereedskapstuk genoem waarmee 'n dam gemaak word? skrop / skraapblok / skropblok.
6. Gooi / maak 'n dam / wal in die dwarsvoor.
7. Die kort akkertjie is die dwarsakker / wenakker / kopakker.
8. Die laaste voor is die middelvoor / holvoor.
9. Hoe sê u vir meer as een ploeg? ploege / ploëë.
10. Hoe sê u vir meer as een eg? êe / egge.
11. Die onkruid word uitgekap met pikke / skoffels / skoffelpikke.
12. Die boere groei / kweek / plant hierlangs net twak / tabak.
13. Hoe noem u die gebou waarin die tabak opgehang word om self te droog? stoor / tabakstoor / twakstoor / twakhuis / tabakhuis / twaksuis / twakshuis.
14. As die tabak geklas / gesorteer / uitgesoek is, word

dit...../

- dit in bossies / bondeltjies gebind en gebaal / gepers / gepres met 'n pers / pres.
15. Die koringgerwe word in miede / miedens / miedes gepak.
16. Die koring word gedors / getrap met 'n dorsmasjien / trapmasjien.
17. Die kaf / hooi / strooi word gebêre vir voer.
18. Die water word uit die rivier / ravier gekeer in 'n voor / grip / sloot.
19. Hoe sê u vir meer as een sloot? slote.
20. Dis tyd om kos op te sit / oor te hang / klaar te maak.
21. Die kos word in potte / kastrolle op die stoog gekook.
22. Die vleis het aangebrand / vasgebrand.
23. Hoe sê u as die koffiekan leeg is? die koffie is op / die koffiekan is af / die koffie is moeg / die koffie is gedaan / die koffie is klaar.
24. Hoe noem u meer as een voorskoot? voorskooie / voorskote.
25. Was jou hande en gesig / geseg daar in die waskom / wasskottel!
26. Hierdie besem is nog heeltemal nuuf / nuut.
27. Ek wil hierdie week nuwe girdyne / gordyne ophang.
28. Hoe sê u vir die ete in die môre (brekvis), in die middag (twaaalfuur), in die aand? aandete.
29. Die skottelgoed / breekgoed word gewas met 'n vadoek / waslap en drooggemaak met 'n vadoek.
30. Daardie hen het al twee dubbeldoor- / tweedoor-eiers gelê.
31. Skryf / skrywe gou die adres op die koevert / komvert.
32. Loop speel / speul buite !
33. Dit was vir my te veel / veul.
34. Sal jy genoeg / genog spykers hê / het om die skoene

te...../

te versool?

35. Ons slaap op 'n bed / katel / kooi.
36. Loop al met die pad langs / al met die pad saam tot in die leegte / laagte.
37. Jy moet eers die grond natlei / natmaak voor jy kan ploeg.
38. Sê vir hy en Koos / hom en Koos hulle moet dadelik hier kom!
39. Hoe sê u as u stilhou met wa en osse? hanou.
40. Hoe sê u as u wil hê die osse moet terugstaan? troei
troeistaan / tru / trustaan.

(Voorbeeld 3. Lys no. C 13).

Proefpersoon: Naam: Broerskind van pres. Kruger).

Plaas: Zoutpansdrift.

Naaste skool: Zoutpansdriftskool.

Beroep: Boerin. Ouderdom: 79 jaar.

Kerk: Gereformeerd. Geboorteplek: Rusten-
burg.

Geboorteplek van ouers: Weet nie.

Hoelank word die plase in die omgewing al bewoon? Lank.

Waar het die eerste inwoners vandaan gekom? Kaapkolonie.

Woon daar baie latere intrekkeers? Ja.

1. Hoe word (i) die klein (ii) die groot wilde waatle-
moen by u genoem? (bv. makketaan, karkoer). groot -
karkoer; klein - makketaan.
2. stinkblaar / ditter / stinkolie / olieboom / joi-blaar.
3. varkblom / varkoor / varkensoor / varkblaar / varkies-
blom.
4. var (varre) / varing / varo.
5. Hoe sê u vir appelderliefde (gooseberry)? apteliepte.
6. dalia / adalia.
7. petat / petatta / petatas / petats.

8. aartappel / artáppel / ertappel / ertáppel.
9. Wat is die meervoud van ui? uie.
10. ertjies / erkies / erte.
11. boontjies / bone.
12. turksvye / turksvyege / strukvye / stuksvye / struksvye / sturksvye / petaasvye.
13. olienhout / oliewenhout / olynhout.
14. onkerneut / okkerneut.
16. uintjie / euntjie / untjie.
17. peul / puil / peel. (bv. van boontjies).
18. katbos /katstert.
19. naboom / noorsdoring.
15. perske / perskie / sperskie / sperkie / persie / sperkies / perskies.
20. kiepersol / sambreelboom / nooiensboom.
21. gareboom / garingboom / aalwee.
22. gimmer / gemmer / sjemmer / sjimmer.
23. Hoe word 'n bees sonder horings genoem? poenskop / boenskop / spoenskop / koenskop.
24. 'n Kruising tussen 'n perd en 'n donkie? muil.
25. krokkedel / krokkedil.
26. bobbejaan / bawwejaan / boejaan / bojaan / bôjaan.
27. vlakhaas / vlaktehaas.
28. trapsuutjies / trapsoetjies / trap-my-suutjies.
29. akkedis / akkerdis / akkeldis.
30. ouvolk / skurweyantjie . (skurwejak).
31. skulpad / skeulpad / skilpad.
32. meerkat / mierkat.
33. fiskaal / laksman / kanariebyter.
34. kokkewiet / kokkewiek / bokmakierie / pit-my-vrou.
35. koester / koeskoester.
36. janfrederik / jantatra. (onbekend).

37. /

37. geelvink / borrievink / borrelvink.
38. katlagter / kwêvoël. (verskillend),
39. kouvoël / koovoël / lammervanger.
40. tarentaal / taremtaal / tramtaal / poelpetaan.
41. spinnerak / spinnerag / spinrak / spinnekoprak.
42. boomsingertjie / sonbesie / boombesie / singbesie / langasem.
43. bynes / byenes / hunningnes / heuningnes.
44. hunning / heuning / hening.
45. melk / mellik / mjelk.
46. Jaag die vee / vie deur die dip / diep.
47. oormôre / oremore / oormore.
48. ploeg / ploëë / ploege.
49. tent / tint.
50. kind / tjind / tjent . (kjent).
51. tuin / tein.
52. Die seun / seen het versuip / verdrink omdat / oorlat hy nie kon swem / swim nie.
53. rivier / ravier.
54. Grawe / gra / grou / grau 'n voortjie / grippie om die blomme in te plant.
55. windpomp / windmeul / windmeule.
56. geut / guit.
57. die bestaande / bestanende voorraad.
58. warrelwind / dwarrelwind.
59. garingklip / wolklip. (onbekend).
60. ouklip / oubank / gruisklip.
61. probeer / perbeer / pebeer / prebeer.
62. asseblief / assemblief / assamblief.
63. goewerment / goewermint / gôrment / gowwermint / gowwerment / gôrmint.
64. baie / baja / baiing / baje.

65. /

65. prent / print.
66. beteken / peteken / beteiken.
67. gehoorsaam / gehoorsamig.
68. Ek het verwag / geverwag dat hy sal beef / bewe
van angs.
69. Hoe word koffie sonder melk of suiker genoem?
bitterkoffie.
70. Loop gooi / skink vir die niggie / neggie 'n koppie
koffie / kôfie in.
71. krimenaadjie / karnaadjie / kirnaadjie.
72. hingsel / hengsel.
73. horlosie / oorlosie / orlosie / olosie.
74. skoeneles / skoenlys / ysterlees. (verskillend).
75. vuurhoutjie / voeroutjie / swaelhoutjie / vierhoutjie.
76. drumpel / drempel.
77. slordig / slorsig / slodrig. (slorrag).
78. Sy knie / knee / kneeg brood.
79. genoeg / genog.
80. Hy gooi / goi beter / beterder as / dan ek.
81. Skielik / skierlik / skiedelik het hulle geen
vertroutheid / vertroue meer in hom nie.
82. 'n deeglike / deetlike / deëlike / deitlike stuk
werk.
83. Aia gaan help die nooi / noi in die kombuis.
84. Die stoel moet hoër / hoger wees as dit te leeg /
laag is.
85. Destyds / distyds het ek hom al gewaarsku / gewaar-
skou.
86. kastig / kantig / kamma / kammalielies / kammakastig
87. Ek ken / kin / kan sy familie / famielje ook / ok.
88. eintlik / eentlik / inklik / entlik / inkeld.
89. Op watter / waffer dae / dage gaan die predikant /

leraar...../

- leraar kollekteer / kollek / kolleteer / kwaliteer?
(kwalikteer).
90. Dit is heeltemal / heentemal / heelteman / hjeenteman / jinteman verkeerd.
91. As hy lank genoeg leef, sal aan hom 'n pensioen / spensioen / spesioen uitbetaal / uitpetaal word.
92. Dit is sy nooi / nôi / nooie / nôiie.
93. sonstraal / sonsteek.
94. kinds / kins / kens. (kennis).
95. pitseer / pitsweer / bloedvint / bloedvin. (versk.).
96. verlip / verlep.
97. medisyne / middersyne.
98. sewe / seuwe.
99. nege / neë / nege. (soos in dage).
100. Engelsman / Ingelsman; Engelse / Ingelse.
101. bromkaaitjies / brongkaitis.
102. Daar onder / onner / oener in die leegte / laagte loop 'n trop bees / beeste.
103. Pleks van / in plaas van te gaan speel, staan jy en rusie / roesie seek.
104. Hy het die land sleg regeer / geregeer.
105. Is dit waar dat / lat / laat hy so baie drink?
106. Die heiden / heiding kan / ken nie eers sy naam teken / teiken nie.
107. Ek stem / stim nie weer vir so 'n vabond / vagebond nie.
108. Dinsdag / Dingesdag.
109. Januarie / Jannewarie; Februarie / Fewerwarie;
Desember / Deetseember / Deetsimmer; Junie / Joenie;
Julie / Joelie / Joely.
110. Die kinders moet geënt / geïnt word / worre.
111. Die hele spul / speul / speuletjie is ewe sleg.

112. /

112. Sê groete / groetnis / kompliminte aan al die bekendes / bekindes.
113. Neem dit met / mit / moet jou saam.
114. poeding / poering / poerieng.
115. bottel / borrel. (fles is kantig).
116. vadoek / varoek.
117. Hoe gaan dit met pa-goed? (onbekend).
118. oorlede / oorleë / oorle pa.
119. Hoe word Greyling uitgespreek? Greeling / Kreeling.
120. Die hoofstad van O.V.S. is Bloemfontein / Blomfontein / Blomfantein.

31. 'n Opgawe van die gebruiksfrekwensie van die woorde waarna ondersoek ingestel is uit die lysie van die twintig oudste proefpersone verskaf ons die volgende gegewens:

1. karkoer - groot (8); karkoer - klein (11); makketaan - groot (11); makketaan - klein (8). (Die syfers tussen hakies dui aan hoeveel keer uit die twintig die betrokke woord gebruik is. Waar die totaal meer as 20 is, beteken dit dat die twee vorme naas mekaar voorkom).
2. stinkblaar (1); stinkolie (16); olieboom (3).
3. varkblom (2); varkoor (13); varkensoor (1); varkblaar (1).
4. varing (15); varre (4); varo (1).
5. dalia (7); adalia (13).
6. apteliepte (6); appelifie (8); appelteliefte (1); appelliefde (1); appeldeliefde (1); apteliefde (1); apteliefte (1); gooseberry (1).
7. petatta (8); petata (6); petats (6).
8. aartappel (2); ertappel (16); ertáppel (2).
9. Die meervoud van ui; uie (20).

10. /

10. ertjies (7); erkies (10); erte (3).
11. boontjies (15); bone (5).
12. turksvye (15); strukvye (1); struksvye (1); sturks-
vye (1); turksevye (1).
13. olienhout (13); oliewenhout (6); olynhout (1).
14. onkerneut (3); okkerneut (17).
15. perske (18); perskie (2).
16. uintjie (14); untjie (6).
17. peul (20).
18. katbos (11); katstert (9).
19. naboom (16); noorsdoring (4).
20. kiepersol (19); sambreelboom (1).
21. gareboom (2); garingboom (17); aalwee (1).
22. gimmer (4); gemmer (15); sjemmer (1).
23. poenskop (19); koenskop (1).
24. 'n Kruising tussen 'n perd en 'n donkie: muil (20).
25. krokkedel (13); krokkedil (7).
26. bobbejaan (20).
27. vlakhaas (20).
28. treapsuutjies (17); trapsoetjies (2); trapsuutjie (1).
29. akkedis (18); akkeldis (2).
30. ouvolk (8); skurwejantjie (5); skurwejak (4).
31. skulpad (9); skilpad (10); skeulpad (1).
32. meerkat (19); mierkat (1).
33. fiskaal (2); laksman (18).
34. kokkewiet (14); kokkewiek (4); pit-my-vrou (2).
35. koester (19); koeskoester (1).
36. janfrederik (10); dikkopkorhaan (2).
37. geelvink (20).
38. katlagter / kwêvoël. Oral as verskillend bekend.
39. kouvoël (11); koovoël (1); lammervanger (12).
40. tarentaal (20).

41. /

41. spinnerak (19); spinrak (1).
42. boomsingertjie (1); sonbesie (11); boombesie (1);
langasem (3); langasemkriek (5).
43. bynes (3); byenes (4); hunningnes (11); heuning-
nes (2).
44. hunning (12); heuning (7); hening (1).
45. melk (20).
46. vee (20); dip (7); diep (13).
47. oormôre (3); oremore (5); oormore (12).
48. ploeg / ploëë / ploege.
49. tent (12); tint (8).
50. kind (14); tjind (2); tjent (1); kjent (2);
kjind (1).
51. tuin (18); tein (2).
52. seun (17); seen (3); versuip (9); verdrink (11);
omdat (18); oorlat (2); swem (14); swim (6).
53. rivier (20).
54. grawe (5); grou (12); grau (1); graaf (1);
voortjie (18); grippie (1); ry (1).
55. windpomp (17); windmeul (1); windmeule (2).
56. geut (19); guit (1).
57. bestaende (19); bestanende (1).
58. warrelwind (3); dwarrelwind (17).
59. garingklip (7); verder onbekend. asbes en asbestes.
60. ouklip (13); oubank (6); gruisklip (2).
61. probeer (12); perbeer (4); pebeer (1); prebeer
(3); bebeer (1).
62. asseblief (16); assemblief (1); asublief (1);
samblief (1).
63. goewerment (8); goewermint (2); gowwermint (7);
gowwerment (3).
64. baie (8); baja (9); baje (1).
65. prent (13); print (7).

66. /

66. beteken (13); peteken (7).
67. gehoorsaam (20).
68. verwag (15); geverwag (5).
69. bitterkoffie (20).
70. gooi (13); skink (7); niggie (20); koffie (15);
kôfie (5).
71. krimenaadjie (2); karnaadjie (4); kirnaadjie (11);
kramnaadjie (1), (lys A 4).
72. hingsel (16); hengsel (4).
73. horlosie (1); oorlosie (19).
74. skoenlees (5); ysterlees (18).
75. vuurhoutjie (15); vierhoutjie (5).
76. drumpel (20).
77. slordig (12); slorsag (3); slorrig (1); slorrag (2);
slordag (1); slorsig (1, A 4).
78. knie (19); knee (1).
79. genoeg (12); genog (8).
80. gooi (4); goi (6); beter (20); as (18); dan (2).
81. skielik (5); skierlik (14); vertrouentheid (3);
vertroue (15).
82. deeglike (9); deetlike (10).
83. nooi (20).
84. hoër (13); hoger (5); leeg (11); laag (7).
85. destyds (12); distyds (8); gewaarsku (18); ge-
waarskou (1).
86. kastig (11); kamma (3); kammalielies (1);
kastag (3); kammag (1); kammestig (1).
87. ken (19); kin (1); familie (16); famielje (3);
ook (10); ok (8).
88. eintlik (16); eentlik (1); eientlik (3).
89. watter (16); waffer (4); dae (12); dage (8);
predikant (17); leraar (2); prekant (1);

kollekteer...../

- kollekteer (9); kolleteer (3); kwaliteer (6);
kwalikteer (1).
90. heeltetal (14); heentetal (3); heeltetal (1).
91. pensieon (13); spensioen (5); pinsjoen (1);
uitbetaal (11); uitpetaal (9).
92. nooi (12); nooie (8).
93. sonstraal (20).
94. kinds (7); kins (2); kens (4); kennis (4);
kjêns (1); kjins.
95. pitseer (7); pitsweer (3); bloedvint (11);
bloedvin (4); bloedven (2).
96. verlip (13); verlep (6).
97. medisyne (9); middersyne (7); middesyne (5).
98. sewe (10); seuwe (10).
99. nege (8); nege - soos in dage - (11).
100. Engelsman (8); Ingelsman (11); Engelse (7);
Ingelse (12).
101. bromkaaitjies (3); brongkaitis (14); bronghitis(2).
102. onder (14); onner (6); laagte (2); leegte (18);
beeste (20).
103. pleks van (12); in plaas van (8); rusie (20).
104. regeer (13); geregeer (5); resjeer (2).
105. dat (6); lat (13); laat (1).
106. heiden (8); heiding (12); kan (11); kin (1);
teken (13); teiken (5).
107. stem (18); stim (1); vabond (14); vagebond (5).
108. Dinsdag (11); Dingesdag (9); Dingsdag (1).
109. Januarie (5); Jannewarie (15); Februarie (5);
Fewerwarie (15); Desember (7); Deetseember (10);
Deetsimmer (1).
110. geënt (15); geïnt (4); word (19); worre (1).
111. spul (20).

112. /

112. groete (11); groetnis (9); bekendes (16);
bekindes (2).
113. met (8); mit (10); moet (1, C 21).
114. poeding (20).
115. bottel (20).
116. vadoek (20).
117. pa-goed - onbekend.
118. oorlede (13); oorleë (1); oorle (8); ole (1).
119. Greyling (11); Greeling (6); Kreeling (2).
(Vraelys no. 2).
1. hoi-hoi (20)
2. plaas-toe (8); plas-toe (9); klastoe (1); lastoe
(1); hastoe (1).
3. draaghout (2); nekhoutjie (7); juk (3); mikhout (4);
mikstok (3); kruishout (1).
4. toue (2); kettings (6); trektoue (9); trekket-
tings (3).
5. skrop (18); skraapblok (1); skropblok (3);
damskrop (1).
6. gooi (18); maak (2); dam (15); wal (5).
7. wenakker (20).
8. middelvoor (1); holvoor (18); uitsnyvoor (1).
9. ploëë / ploege.
10. egge (12); eê (8).
11. pikke (7); skoffelpikke (13).
12. plant (20); twak (12); tabak (8).
13. stoor (4); tabakstoor (4); twakhuis (6);
twakshuis (2).
14. geklas (15); gesorteer (3); uitgesoek (1);
bossies (20); gebaal (13); gepers (3); gepres (4);
pers (12); pres (8).
15. miede (17); miedens (3).
16. /

16. gedors (18); getrap (2); dorsmasjien (19); trap-
masjien (2).
17. kaf (19); strooi (1).
18. rivier (20); voor (20).
19. slote (20).
20. kos op te sit (16); kos klaar te maak (4).
21. potte (10); kastrolle (13).
22. aangebrand (7); vagebrand (9); gebrand (4).
23. die koffie is gedaan (10); die koffie is klaar (7);
die koffiekann is leeg (1); die koffie is uit (1);
die koffie is op (1).
24. voorskooie (14); voorskote (6).
25. gesig (17); geseg (2); waskom (2); wasskottel (18).
26. nuuf (6); nuut (14).
27. girdyne (3); gordyne (17).
28. brekvis (10); ontbyt (6); more-ete (4); twaalf-
uur (4); middagete (14); aandete (20).
29. skottelgoed (19); breekgoed (1); gewas met 'n
vadoek (20); drooggemaak met 'n vadoek (12), tee-
goedlap (1), teegoeddoek (1), servet (1), afdroog-
vadoek (1), koppiedoek (1), droeë vadoek (2).
30. dubbeldoor (5); tweedoor (15).
31. skryf / skrywe. koevert (15); komvert (5).
32. speel (13); speul (7).
33. veel (6); veul (14).
34. genoeg (14); genog (6).
35. bed (15); kooi (5).
36. loop al met die pad langs (20); laagte (2);
leegte (18).
37. natlei (15); natmaak (5).
38. sê vir hy en Koos (9); hom en Koos (11).
39. hokaai (8); hanou (10); hookhanou (3).
40. troei (16); tru (5); troeistaan (1).

32. Dis vanselfsprekend dat 'n mens nie op grond van die klein aantal woorde wat in 'n paar vraelyste verwat is, definitiewe gevolgtrekkings kan maak nie. Dit is dan ook nie die doel van hierdie studie nie, maar wel om die verskillende benaminge waaronder dieselfde voorwerp of uitdrukking by verskillende sprekers bekend is, op te teken.

Omdat daar in Suid-Afrika nog so betreklik min op die gebied van die taalgeografie gedoen is, weet die student nie sommer dadelik watter woorde hy in sy vraelys moet insluit nie, met die gevolg dat hy belangrike woorde uitlaat en 'n menigte vorme ondersoek wat vir sy doel feitlik waardeloos is. Daarby is die indruk wat 'n mens kry, na so 'n ondersoek, dat die woorde en vorme so hopeloos deurmekaar voorkom dat die studie 'n mislukking en tydverkwisting was. 'n Momentopname van vandag het dan ook nie soveel waarde vir die teenswoordige as vir die toekoms nie. Daarom is dit baie jammer dat 'n mens nie dergelyke opnames van 'n aantal jare gelede tot jou beskikking het vir vergelykende doeleindes nie.

Ons sal dus maar moet volstaan met op te merk watter verskillende vorme baie gebruik word en watter selde of glad nie voorkom nie.

33. Dis interessant om te sien hoeveel vorme daar dikwels in dieselfde spraakgemeenskap aangetref word. So het ek, byvoorbeeld, as antwoord op die vraag: Hoe sê u as u die melkkoei na die paal toe dryf? nie minder as agt vorme opgeteken nie. Daarby kan 'n mens geensins beweer dat dit die enigstes is nie. Naas plas-toe en plaas-toe, wat stellig die meeste gebruik word, kom die volgende voor: las-toe, klas-toe, blas-toe, bastoe en hastoe. Hoe hierdie verskillende, uiteenlopende uit-

sprake...../

sprake ontstaan het, sal uiters moeilik wees om te verklaar. Die vorm vastoe kan miskien verklaar word uit die bybetekenis dat die koei daar vasgemaak word, en blas-toe uit 'n wisseling van b en p, wat, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, 'n betreklik verbreide verskynsel in Afrikaans is. Las-toe het waarskynlik eenvoudig ontstaan uit die weglating van die p om die bevel so kort as moontlik te kry.

34. Die gewoonte wat sommige beeste het om deur die draad te kruip, sodat hulle 'n „mikhout" moet dra om dit te verhoed, het aanleiding gegee tot die ontstaan van verskillende woorde vir daardie begrip. Nekhoutjie, mikhout en mikstok is die gebruiklikstes naas juk, draaghout, kruishout en mik.

35. Die uitspraak laagte is vinnig besig om te verdwyn ten gunste van leegte, 'n bewys dat die algemeenbeskaafd dit nie altyd op die dialektiese wen nie. By slegs 'n paar sprekers is eersgenoemde uitspraak opgeteken; daarby, meen ek, is dit die invloed van die boektaal en letteruitspraak. Een-en-sewentig persent van die lyste gee leegte aan.

36. 'n Paar woorde wat werklik deurmekaar gebruik word sodat 'n mens geen duidelikheid kan kry nie, is makketaan, karkoer en kafferwaatlemoen. Party persone vertel dat die makketaan groter is as die karkoer en dat 'n mens daarvan konfynt kook. Die karkoer sou dan kleiner wees met 'n bitter smaak. Ander beweer weer presies die teenoorgestelde. 'n Derde groep sê dat makketaan die kafferwoord vir kafferwaatlemoen is. In hoofsaak stem die eerste en derde groepe dan ooreen. Nog 'n ander groep verduidelik weer dat daar 'n verskil tussen die

makketaan...../

makketaan en die kafferwaatlemoen is. Die een se vleis sou rooskleurig en styf wees, amper soos die van 'n gewone waatlemoen; die ander s'n is geel en verlepigerig.

In die meeste gevalle ken persone wat in die Vrystaat gebore is en grootgeword het nie die woord makketaan nie, maar net kafferwaatlemoen en karkoer. Hulle vertel dat die karkoer klein, donkergroen van kleur en baie bitter is. Die meeste gebore-Transvalers ken weer nie die woord kafferwaatlemoen nie. Hoe 'n groot aantal sprekers daaraan gekom het om die betekenis karkoer aan die kafferwaatlemoen te heg, sal lank nie so maklik wees om te verklaar nie. 'n Vergelyking van hierdie vorme met wat die eerste Koloniste, byvoorbeeld, of selfs die Voortrekkers, vir dieselfde voorwerp gebesig het, sou stellig meer lig op die toestand gewerp het.

Ongelukkig is die vraag in die vraelys baie onduidelik gestel sodat 'n vry groot aantal van die lyste onbeantwoord gebly het. Maar deur ondervinding leer 'n mens om dergelike foute in die toekoms te vermy.

37. Die antwoord op die vraag: Die skottelgoed vadoek word gewas met 'n en drooggemaak met 'n, het 'n hele aantal terme openbaar. In verreweg die meeste gevalle word hiervoor ook vadoek gebruik naas die volgende: droë vadoek, afdroogvadoek, afdroogdoek, afdrooglap, droë doek, koppiedoek, tegoeddoek, tegoedlap en teelap. In enkele gevalle is 'n verdraaiing van die Engelse towel, nl. toul opgeteken.

38. Wasskottel is die algemene woord vir daardie begrip naas waskom, maar ongelukkig is daar nog sommige (bosveldse) mense wat die gewoonte het om in die knieskottel te was, volgens die mededeling van 'n sekere

proefpersoon...../

proefpersoon. Dit is waarskynlik die geval omdat dieselfde voorwerp in die kombuis sowel as die badkamer gebruik word.

39. Hunning en heuning is woorde wat hier haas eweveel in gebruik is volgens die uitkomstes van die vraelyste, maar dit wil voorkom of hunning vinnig besig is om veld te wen teenoor heuning. Die ontronde vorm, hening, is 'n uitsondering.

40. Vir sonbesie, wat ook die mees gebruikte term is, is benewens andere drie interessante vorme gevind: langasem, langasemkriek, en sonslyper by 'n proefpersoon van tagtig jaar. Waar van langasem gepraat word, word gewoonlik die langasemsprinkaan of reënsprinkaan bedoel. Eienaardig is die uitdrukking langasemkriek, wat nà sonbesie die meeste voorkom, daar die insek tog in die eerste instansie geen kriek is nie. Daar is wel 'n „langasem“-kriek wat saans voor sy gat sit en 'n skril, aanhoudende geluid voortbring, maar hy word tog nie bedags in die bosse gehoor as die son warm skyn nie. Hoe sou dit gebeur het dat hierdie laaste naam aan die meer gewone sonbesie gegee is?

41. Oor die algemeen word die huisvrou nooi genoem (wanneer 'n mens met die bediendes praat); in 'n mindere mate nôi. Daarnaas word nooi ook gebruik vir vriendin in die sin: sy is Piet se nooi. Die heel oudstes, egter, gebruik die woord nooie. Nôi kom ook voor in dié betekenis.

42. Uit 'n frekwensielys van die woorde waarna ondersoek ingestel is, blyk dit dat appeliefie die meeste gebesig word met apteliepte as tweede op die lys. Inte-

ressanter...../

ressanter is dit om te weet dat laasgenoemde by die heel oudste proefpersone waargeneem is en die eersgenoemde by 'n geslag wat effens jonger is. Mens sou miskien verwag dat die toestand net omgekeerd moes wees, volgens die ontwikkelingsgang wat die woord deurgemaak het. (Vgl. Taalgeografie, bls. 50).

43. Hoewel die wisseling [ɛ] - [ə] 'n baie algemene verskynsel is (vgl. par. 14), blyk dit dat die algemeen-beskaafde vorm meer voorkom as die dialektiese afwyking (met uitsondering van 'n paar gevalle). Die woorde waarop hierdie wisseling betrekking het, is die volgende:

gemmer:	die A.B. 16 keer uit 20 lyste;	afwykinge 4.
tent:	12	- afwykinge 8.
swem:	14	- afwykinge 6.
goewerment:	11	- afwykinge 9.
prent:	13	- afwykinge 7.
hengsel:	4	- afwykinge 16.
destyds:	12	- afwykinge 8.
ken:	19	- afwyking 1.
verlep:	6	- afwykinge 14.
Engelse:	7	- afwykinge 13.
Engelsman:	8	- afwykinge 12.
stem:	18	- afwykinge 2.
geënt:	15	- afwykinge 4.
met:	8	- afwykinge 11.

Uit 'n totaal van 280 woen die algemeen-beskaafde [ɛ] die dialektiese [ə] met 163 teen 111, met ander woorde, ongeveer 58 persent teen ongeveer 39 persent.

Ook met die omgekeerde van hierdie wisseling, naamlik [ə] - [ɛ], is dit die geval. Die volgende gegewens is uit die lyste verkry:

gesig:	17	- afwykinge 3.
--------	----	----------------

krokkedil...../

krokkedil: 7 - afwykinge 13.

kind: 17 - afwykinge 3.

kinds: 10 - afwykinge 9.

In hierdie geval wen die algemeen-beskaafde die dialektiese vorm met 64 persent teen 34 persent.

44. Die vraelyste het verder aan die lig gebring dat daar 'n paar woorde is wat baie min in hierdie streek gebruik word. Dit wil egter nie sê dat daardie betrokke voorwerpe by die proefpersone heeltemal onbekend is nie; in teendeel, dit is soms baie algemeen bekend, maar onder 'n ander naam. Ons dink hier byvoorbeeld aan garingklip en wolklip. Volgens die frekwensielys blyk dit dat garingklip wel in 'n hele paar gevalle gebruik is, maar wolklip is nêrens opgeteken nie. Verskeie proefpersone deel mee dat hulle al verskillende kere van garingklip gehoor het, maar die terme wat hulle gewoonlik besig, is asbes en asbestos (uit asbestos).

45. Sonstraal is uitsluitlik die uitdrukking wat in 'n sin soos die volgende gebruik word: die kind het sonstraal gekry omdat hy kaalkop in die son geloop het. Die term sonsteek is glad nie in hierdie verband by enige spreker gehoor nie, hoewel daar algemeen gesê word dat die son steek as dit baie warm is.

46. Trapsuutjies is die algemene benaming vir verkleurmannetjie, maar dis eienaardig dat 'n sekere proefpersoon (lys C 21) die woord trapsuutjie gebruik, want volgens hom sou trapsuutjies die meervoud wees. Hy het my verseker dat hy altyd die vorm met s gebruik wanneer hy van meer as een praat, of soos hy dit uitgedruk het: vir die mindervoud sê ek trapsuutjie en vir die meervou trapsuutjies. Ons kan maklik begryp hoe hy

daartoe...../

daartoe kom. Na analogie van so baie selfstandige naamwoorde met die meervoud op s, beskou hy die woord trapsuutjies as 'n meervoudsvorm, hoewel dit in die algemene taal die enkelvoudsvorm is. Ek het later spesiaal geluister na hierdie gebruik by ander persone en gevind dat dit in baie gevalle ook so aangewend word. (Klink die meervoud trapsuutjiese en trapsoetjiese wat deur die woordeboeke aangegee word nie 'n bietjie lomp en ongewoon nie?)

47. Vir die meervoud van voorskoot word in verreweg die meeste gevalle, sewentig persent, die vorm voorskooie gebesig. Meestal word dit gevind in die taal van die ouer mense, maar dit kom ook voor by die jongeres. Of hierdie verskynsel ook miskien by ander dergelike woorde werk? Ek meen van nee — vir hierdie omgewing altans nie. Die meervoud van sloot is deurgaans aangegee as slote. Hoe moet hierdie eienaardige meervoudsvorm verklaar word?

48. Dit word in die algemeen-beskaafde taalvorm gesê dat 'n mens kinds word wanneer jy baie oud word. Vorme soos kins, kens en kjêns sou dan wisselvorme wees sonder verskil in betekenis, wat egter nie die geval is nie. As 'n mens vandag sê dat iemand kens of kjêns is, bedoel ons dat hy veel meer „mal" as kinds is. Ons sien dus hoe die begrip 'n verslegting van betekenis ondergaan het. Uit die frekwensielys haal ons die volgende gegewens in volgorde soos dit die meeste gebruik word: kinds, kens, kennis, kins, kjêns en kjins. Merkwaardig is veral die vorm kennis wat by 'n paar van die heel oudste proefpersone raakgeloop is.

49. Esel in die betekenis van muil is in die Kolonie

'n algemene..../

'n algemene ding. In die noordelike provinsies beteken esel dieselfde as donkie, sodat 'n kruising tussen 'n perd en 'n donkie uitsluitelik muil genoem word, soos dit dan ook uit al die lyste duidelik geword het.

50. Ook die uitsprake bojaan, bôjaan, boejaan en borrievink of borrelvink het nog nie eintlik in hierdie streek posgevat nie. Borrie in die uitdrukking borriegeel is oral bekend en word baie gebruik, maar daardie benaming is nog nie aan die geelvink gegee nie.

51. Wat die uitdrukkings betref in verband met die aankeer van beeste en die stilhou met wa en osse, is daar 'n taamlike eenheid te bespeur. By die bymeekaarmaak om in te span word hôi-hôi die meeste gebruik, by die stilhou hokaai en hanou, en wanneer die bees moet terugstaan troei. Trusa is in 'n paar gevalle waargeneem.

Terwyl ons dit nou oor beeste het, dien hier melding gemaak te word van die uitdrukking koenskap (lys A 4) vir 'n bees sonder horings. Behalwe die genoemde kom poenskap en poena by feitlik al die sprekers voor.

52. As al die verskillende lyste nou met mekaar vergelyk word, kom 'n mens tot die slotsom dat taalvermenging reeds op 'n baie groot skaal plaasgevind het sodat die taalgebruik in 'n chaos verkeer. Die radio en die vinnige verkeersgeriewe sal seker hulle rol gespeel het, maar dis te betwyfel of hulle mettertyd algehele gelykheid sal bewerkstellig. Daar is so min dialektiese afwykinge in Afrikaans veral omdat ons volk en taal nog so jonk is. Dit is te begrype dat so 'n jong volk 'n besonder eenvoudige maatskaplike struktuur sal vertoon. Eers langamerhand ontwikkel daar duidelik

afgebakende...../

afgebakende kringe binne die gemeenskap, kringe wat ook ten opsigte van die taal sterk uiteenlopende behoeftes openbaar. Dit is hieraan toe te skrywe, miskien meer as aan die moderne verkeersgeriewe, dat Afrikaans nog 'n groot mate van eenvormigheid behou het. Dit wil voorkom of die spreektaal stadigaan gerig word tot die algemeenbeskaafd. Dit kan wees dat die taal besig is om 'n neerslag te vorm. In dié geval sal 'n dialektgeografiese ondersoek na 'n aantal jare stellig meer vrug oplewer. Daarom ook is 'n opname van vandag dubbel belangrik om later te kan sien hoe die proses plaasgevind het.

53. Veral as 'n mens die lyste van die jonger proefpersone in oënskou neem, kry jy die indruk dat hulle spreektaal veel nader aan die A.B. staan as dié van die oudste geslag. Die toename van die skoolgeleerdheid sal in 'n baie groot mate vir die toestand verantwoordelik wees, want 'n vry groot persentasie van die geslag van om en by die dertig jaar het selfs 'n hoërskool besoek, terwyl die aantal lede van die oudste geslag wat maar standerd vier bereik het, seker nie hoër as tien persent is nie. Hiermee wil egter nie beweer word dat die dialektiese afwykinge eweredig met die toename van die boekgeleerdheid uit Afrikaans sal verdwyn nie. Namate ons taal ouer word, sal daar kringe binne die gemeenskap ontwikkel met uiteenlopende behoeftes. Solank die mense se siel en gees verskil, sal hulle taal verskillend wees, sodat daar feitlik geen moontlikheid sal wees om eendag te kan praat van een algemene taal oor ons hele spraakgebied nie. Von Wielligh sê in hierdie verband: „Weldra sal die gewestelike spreektaal verdwyn omdat onderwys op skool verplig is, en omdat 'n gedurige volksverskuiwing aan die gang is — volkome in ooreenstemming met die

Afrikaanse...../

Afrikaanse volkskarakter. Natuurlik kan algehele eenvormigheid in spreektaal nooit verwag word nie; maar die spraak sal anders wees — dit vereis nie veel gesond verstand om nuwe toestande te voorspel nie — vernaamlik as ons die geskiedenis van die laaste halfeeue naerstiglik gevolg het en ag slaan op wat aldag plaasvind". (Ons Geselstaal, bls. 122). 'n Taal met geen verskeidenheid sou oninteressant wees: eenvormigheid beteken stilstand en doodsheid, verskeidenheid is ontwikkeling en frisheid. Maar aan die ander kant is eenvormigheid wenslik vir mense wat onder dieselfde omstandighede en met dieselfde behoeftes in dieselfde geografiese ruimte bymekaar woon. Ons is dankbaar vir die eenvormigheid in ons taal, maar ook vir die verskeidenheid. (Sien ook dr. S. A. Louw se artikel: Die Plek wat die Dialek toekom as Deel van die Landstaal in Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Augustus 1946).

54. Dit bring ons by die belangrike vraag: Hoe moet ons staan teenoor die dialektiese afwykinge? Moet ons hierdie verskynsels probeer uitroei en alleen die algemene taalvorm besig? En wat moet die taalonderwyser se houding ten opsigte hiervan wees? Dit val natuurlik buite die bestek van hierdie studie om volledige antwoorde op hierdie vrae te gee. Dit sal sekerlik verkeerd wees om die leerling na hierdie afwykinge te verwys as lelik en verkeerd, en na die algemene taal as die enig korrekte en alleen saligmakende. Dit sal sy liefde vir sy moedertaal ondermyn, die teenoorgestelde bereik van wat die ideaal van die moedertaalonderwyser moet wees. Dit sal miskien veel beter wees om hom van hierdie lokale eienaardighede bewus te maak en daarin te laat belangstel. Dan sal jy by hom liefde vir sy eie taal laat ontwaak.

55. /

55. Ten spyte van die boektaal en die „geleerdheid” van die jonger geslag, wen die algemeen-beskaafde taalvorm dit nie altyd teenoor die dialektiese vorm nie. Onder die jongersprekers uit hierdie gebied is daar byvoorbeeld baie wat hulle bedien van die uitspraak leegte teenoor die algemene laagte, om maar net een voorbeeld te noem.

56. Dit sal sy waarde hê om die volgende frekwensielys wat saamgestel is uit 20 lyste van die jonger proefpersone te vergelyk met die van die oues (vgl. bls. 28):

1. groot wilde waatlemoen - makketaan (13); klein wilde waatlemoen - karkoer (14); groot - karkoer (2); klein - makketaan (1). (Hier dien gewys te word op die uitspraak wartlemoen, wat etlike kere teengekom is)
2. stinkblaar (7); stinkolie (12); olieboom (3).
3. varkblom (3); varkkoer (18).
4. varing (20).
5. dalia (8); adalia (11).
6. appelifie (15); appeliëpie (2); appeliëpte (1); appelderliefie (1); gooseberry (1).
7. petatta (12); petat (7).
8. aartappel (9); ertappel (9); ertáppel (1).
9. uie (20).
10. ertjies (6); erkies (13).
11. boontjies (19); bone (1).
12. turksvye (19); strukvye (1).
13. olienhout (18); oliewenhout (2).
14. onkerneut (2); okkerneut (18).
15. perske (20).
16. uintjie (15); untjie (5).
17. peul (19); peel (1).
18. katbos (7); katstert (13).
19. naboom (12); noorsdoring (5). - verskil.

20. /

20. kiepersol (18); sambreelboom (2).
21. gareboom (2); garingboom (16); aalwee (2).
22. gimmer (1); gemmer (19).
23. 'n Bees sonder horings: poenskop (20).
24. muil (20).
25. krokkedel (14); krokkedil (6).
26. bobbejaan (20).
27. vlakhaas (20)
28. trapsuutjies (18); trapsoetjies (2).
29. akkedis (19); akkeldis (2).
30. ouvolk (5); skurwejantjie (10).
31. skulpad (5); skilpad (15).
32. meerkat (20).
33. fiskaal (2); laksman (18).
34. kokkewiet (14); bokmakierie (2); piet-my-vrou (...),
piet-patat (1).
35. koester (15); koeskoester (3).
36. janfrederik (7). Verder onbekend. Jandiederik (1).
37. geelvink (20).
38. katlagter / kwêvoël. Verskillend.
39. lammervanger (20).
40. tarentaal (20).
41. spinnerak (20).
42. boomsingertjie (1); sonbesie (18); langasem (1)
43. bynes (14); byenes (1); hunningnes (1);
heuningnes (4).
44. heuning (20).
45. melk (20).
46. vee (20); dip (13); diep (7).
47. oormôre (13); oremore (1); oormore (6).
48. ploeg / ploë / ploege. Gegewens onbevredigend.
49. tent (20).
50. kind (20).

51. /

51. tuin (20).
52. seun (19); seen (1); versuip (4); verdrink (16);
omdat (20).
53. rivier (20).
54. grawe (12); gra (1); grou (6); grau (2);
voortjie (20).
55. windpomp (17); windmeul (2); windmeule (3).
56. geut (20).
57. bestaande (18); bestanende (2).
58. warrelwind (1); dwarrelwind (19).
59. garingklip (9); wolklip (1); asbes (1).
60. ouklip (5); oubank (3); gruisklip (12).
61. probeer (18); prebeer (2).
62. asseblief (18); assemblief (2).
63. goewerment (17); gowwerment (2); gorment (1).
64. baie (20).
65. prent (20).
66. beteken (18); peteken (2).
67. gehoorsaam (20).
68. het verwag (20); beef (5); bewe (15).
69. bitterkoffie (12); swartkoffie (6); net so uit
die kan (1).
70. gooi (16); skink (4); niggie (20); koffie (16);
kôfie (4).
71. krimenaadjie (3); karnaadjie (12); kirnaadjie (5).
72. hingsel (14); hengsel (6).
73. horlosie (2); oorlosie (18).
74. skoenlees (1); ysterlees (19).
75. vuurhoutjie (15); vierhoutjie (5).
76. drumpel (18); drempel (2).
77. slordig (18); slorsig (1); slodrig (1).
78. knie (20).

79. /

79. genoeg (18); genog (2).
80. gooi / goi beter (19); beterder (1); as (20).
81. skielik (17); skierlik (2); skiedelik (1); ver-
trouentheid (2); vertrouwe (18).
82. deeglike (17); deetlike (2); deitlike (1).
83. nooi (18); nōi (2).
84. hoër (19); hoger (1); leeg (4); laag (16).
85. destyds (19); distyds (1); gewaarsku (20).
86. kastig (17); kamma (1); kammalielies (1); kamma-
kastig (1).
87. ken (19); kin (1); familie (19); famielje (1);
ook (13); ok (7).
88. eintlik (19); inklik (1).
89. watter (17); waffer (3); dae (19); dage (1);
predikant (20); kollekteer (16); kolleteer (2);
kwaliteer (2).
90. heeltemal (18); heentemal (1); hjeenteman (1).
91. pensioen (19); spensioen (1).
92. dit is sy nooi (17); noi (2); noie (1).
93. sonstraal (20).
94. kinds (13); kins (1); kens (6).
95. pitseer (3); pitsweer (8); bloedvint (11);
bloedvin (1).
96. verlip (15); verlep (5).
97. medisyne (10); middersyne (3); middesyne (7).
98. sewe (20).
99. nege (17); nege - soos in dage - (3).
100. Engelsman (19); Ingelsman (1); Engelse (19);
Ingelse (1).
101. bromkaijies (4); brongkaijies (15); brong-
kaijies (1).
102. onder (en onner) (20)

103. /

- 103. pleks van (4); in plaas van (16); rusie (20).
- 104. het regeer (19); het geregeer (1).
- 105. dat (13); lat (7).
- 106. heidin (17); heiding (3); kan (13); ken (3);
teken (20).
- 107. stem (20); vabond (19); vagebond (1).
- 108. Dingsdag (19); Dingesdag (1).
- 109. Gegewens onbevredigend. Januarie / Jannewarie;
Februarie / Fewerwarie ; Desember / Deetsember /
Deetsimmer; Junie / Joenie; Julie / Joelie.
- 110. geënt (19); geïnt (1); word (20).
- 111. spul (19); speuletjie (1).
- 112. groete (16); groetnis (4); bekendes (20).
- 113. met (18); moet (2).
- 114. poeding (20).
- 115. bottel (20).
- 116. vadoek (18); varoek (2).
- 117. Hoe gaan dit met pa-goed? Onbekend.
- 118. oorlede (15); oorle (5).
- 119. Greyling (10); Greeling (9); Kreeling (1).
- 120. Bloemfontein (18); Blomfontein (2).

57. Uit bostaande is dit duidelik dat daar ook in die taal van die jonger geslag nie 'n groot eenvormigheid is nie. Die afwykinge is egter oor die algemeen heelwat minder. Laat ons slegs 'n paar voorbeelde vergelyk:

Algemeen-beskaafde.	Afwykende vorme by ou proefpersone.	Afwykende vorme by jong ppe.
---------------------	--	---------------------------------

varing	varre (4), varo (1)	geen.
turksvye	strukvye (1), struksvye (2)	strukvye (1)

sturksvye...../

	sturksvye (1)	
	turksevye (1)	
sonbesie	boomsingertjie (1)	boomsingertjie (1)
	boombesie (1)	langasem (1)
	langasem (3)	
	langasemkriek (5)	
kind	kjind (1),kjent (2)	geen
	tjint (2),tjent (1)	
probeer	perbeer (4)	prebeer (2)
	pebeer (1)	
	prebeer (3)	
	bebeer (1)	
goewerment	goewermint (2)	gowwerment (2)
	gowwermint (7)	gorment (1)
	gowwerment (3)	
slordig	slorsig (1)	slorsig (1)
	slorsag (3)	slodrig (1)
	slorrig (1)	
	slorrag (2)	
	slordag (1)	
kinds	kins (2), kens (4)	kins (1)
	kennis (4)	kens (6)
	kjêns (1),kjins (1)	
sewe	seuwe (9)	geen

Die verskil word nog groter as daarop gelet word hoeveel keer elk van die afwykinge by albei groepe voorkom.

58. Alles bymekaar geneem, is daar per slot van rekening nie so veel afwykinge in Afrikaans as wat 'n mens miskien sou verwag nie. 'n Deeglike studie van die taal van 'n mens se omgewing leer jou dit. Daarby is hulle taamlik algemeen oor die Afrikaanse spraakgebied

en...../

en nie in 'n groot mate tot bepaalde lokaliteite beperk nie. Dit word nog verder duidelik as 'n mens dit vergelyk met die taalvorm wat in die verskillende provinsies aangetref word. Die enigste wat tot dusver op hierdie gebied gepubliseer is, is „Ons Geselstaal” van Von Wielligh, 'n belangrike werk met 'n massa stof. Dit bevat veel wat vir ons waardevol is en is in soverre van belang dat dit vir ons 'n insig gee in die taalgebruik van 'n vyftig of meer jaar gelede. Om die taal van ons hele spraakgebied op hierdie manier te ondersoek, is nie die werk van een mens alleen nie. Dit is daarom ook vanselfsprekend dat die net van Von Wielligh veels te dun is om enige standhoudende gevolgtrekkings op te baseer. Sy lysie is egter betroubaar deurdat dit ingevul en van aantekeninge voorsien is deur persone (meestal predikante) wat weet waarom dit gaan en hulle aandag daaraan gewy het. Daarby berus 'n groot deel op sy persoonlike waarnemings.

Ons kan aanneem dat die woorde en vorme wat deur die verskillende medewerkers in die verskillende gebiede opgeteken is in 'n groot mate vandag nog daar te vinde is. Dit kan vir ons van nut wees om die lysie uit hierdie gebied wat deur my ondersoek is te vergelyk met die uitkomstes in „Ons Geselstaal”. Ongelukkig is daar nie veel woorde uit ons lysie wat ook in die van Von Wielligh voorkom nie.

59. Die wisseling van ken en kan in sinne soos: ek ken dit nie doen nie en ek kan die man goed word as 't ware oral waar Afrikaans gepraat word aangetref. Daarby is dit nie 'n afwyking wat uitsluitlik op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het nie daar dit ook nog bestaan in sommige streke van Holland (vgl. Ons Geselstaal,

bls. /

bls. 32), sodat dit in die 17de eeuse dialekte hierheen gekom het. In hierdie omgewing het ek dit in verskeie gevalle opgeteken, en volgens die gegewens uit Von Wielligh se werk kom dit in die volgende gebiede voor: die Karowêreld, Graaff-Reinet, Aberdeen, die Koup, Colesberg, Aliwal-Noord, Victoria-Oos, Peddie, Brits-Kafferland, Cathcart, Senekal, Boshof, Maritzburg, oral in die oostelike Transvaal, en nog baie ander plekke, maar dis genoeg om ons te toon hoe verbreed die verskynsel is.

60. Vir krimenaadjie, die Maleise of Portugese woord wat via Hollands in Afrikaans gekom het, het ek die volgende afwykende uitsprake opgeteken: karnaadjie, kirnaadjie en kramnaadjie teenoor Von Wielligh se krammenaadjie (Bredasdorp en Caledon); krimmenaadjie (Clanwilliam en Van Rhynsdorp); karnaadjie (Karowêreld, Colesberg, Aliwal-Noord en Burgersdorp, Oudtshoorn, Riversdal, Knysna en Pearston); kirnaadjie (George en Boshof); karmenaadjie (Victoria-Wes). Dit blyk dus dat Von Wielligh onvolledig is waar hy sê dat in die Transvaal net karnaadjie en kremnaadjie gehoor word. (Ons Geselstaal, bls. 252).

61. Nooie en nooi vir beminde is die vernaamste gebruike in hierdie omgewing. Interessant is die mededeling van een van Von Wielligh se medewerkers dat nooie die spraak van die „agterste klasse” in sy omgewing is. (Ons Geselstaal, bls. 134). Hierdie term kom hier herhaaldelik voor, ook onder mense wat ons nie as van die „agterste klasse” beskou nie. Die verspreiding is as volg: nooie (Bredasdorp, Caledon, Karowêreld, Colesberg, Aliwal-Noord, Burgersdorp, George, Humansdorp, Uitenhage, Victoria-Oos, Peddie, Brits-Kafferland, Cathcart, Jacobsdal, Bethlehem en verskeie ander plekke in die Vrystaat.

en...../

en Maritzburg); nooi (Clanwilliam en Van Rhynsdorp);
nôï (Sutherland, Prins-Albert, Victoria-Wes, Prieska,
Boshof, Grikwaland-Wes en Betsjoeannaland).

62. Oor die algemeen is garingboom en aalwee heel-
temal verskillende plante. In die Boland heet garingboom
ook mak-aalwee. (Ons Geselstaal, bls. 250), Maar in
hierdie deel van Transvaal is eersgenoemde en gareboom
die enigste gebruike. Vergelyk dit met Von Wielligh se
bevindings: garingboom (Bredasdorp, Caledon, Karowêreld,
Maritzburg, die Oostelike Transvaal, Grikwaland-Wes en
Betsjoeannaland); gareboom (Namakwaland en Montagu).

63. Volgens die woordelys is krokodil die regte
spelling, maar ons stem saam dat meer as vyf-en-negentig
persent van die Afrikaanssprekende bevolking gebruik maak
van krokkedel. Waar krokodil gebesig word, is dit die
invloed van die boektaal. Dit is veral die geval op plek-
ke waar die dier nooit lewendig aangetref is nie, soos
byvoorbeeld in die Boland, Boesmanland en Prieska waar
die woord 'n paar keer aangegee is naas krokkedel. Die
algemeen-beskaafde uitspraak word in die omgewing van
Brits glad nie gehoor nie, maar wel krokkedil. Afgesien
van die paar uitsonderings kan ons dus sê dat krokkedel
die algemene woord in ons spreektaal is.

64. Volgens Von Wielligh is die vorm skilpad nêrens
deur sy medewerkers aangegee nie, maar wel skulpad. In
hierdie omgewing is eersgenoemde, die ontronde vorm, die
mees gebruiklike en daarna laasgenoemde. Die uitspraak
skulppad is hier heeltemal afwesig.

65. Akkedis is die erkende skryfvorm, wat ook in
die meeste gevalle deur my opgeteken is, hoewel akkeldis

ook...../

ook hier gehoor word, maar in 'n mindere mate. Akkerdis is 'n uitsondering. Interessant is dit om op te merk dat die meeste van Von Wielligh se vorme 'n lang a bevat. Uit Ons Geselstaal neem ek die volgende stukkie: „In die Boland hoor ons op verskillende plekke verskillende uitsprake, nl. akkerdis, akeldis, akedis. In Namakwaland akeldis en akedis. In die binneland al die vorms behalwe akkerdis. In die suidwestelike distrikte K.P. al die vorms. In die oostelike distrikte net so. In die Vrystaat al die vorms behalwe akkerdis. Natal gee die voorkeur aan akedis. Transvaal weer aan akeldis. Terwyl Grikwaland-Wes akkerdis en akedis gebruik". (Bls. 248).

66. In 'n vorige paragraaf het ek reeds daarop gewys dat leegte in hierdie geweste veel meer gebruik word as laagte. Uit die opgawes in Von Wielligh se werk staan dit so: laagte (Bredasdorp, Caledon en Montagu); leegte (Namakwaland, Graaff-Reinet, Victoria-Wes, Colesberg, Aliwal-Noord, Burgersdorp, George, sommige plekke in die Vrystaat, Grikwaland-Wes, Somerset-Oos, Pearston, Cradock en Betsjoeernaland). Uit die bostaande is dit duidelik dat leegte meer as vyftig jaar gelede reeds gewen het teenoor die algemeen-beskaafde laagte. Uit my lysie blyk dit dat dit ook die geval is met leeg en laag. By die jonger geslag, egter, word laag meer gebruik as leeg.

67. Dikwels hoor 'n mens dat esel in die Kolonie in die betekenis van muil gebruik word. Dis egter nie heeltemal juis nie, want in sekere streke word muil taamlik dikwels gehoor. Soos dit uit die frekwensielys geblyk het, is esel vir muil hier nie in swang nie; oor die algemeen oor die hele Transvaal nie. Muil word op

die...../

die volgende plekke gebesig: Bredasdorp, Caledon, die Karowêreld, oral in die Vrystaat, byvoorbeeld Jacobsdal, in Natal, bv. Maritzburg, Betsjoeannaland.

68. Dip is 'n Engelse werkwoord wat ons ook so in Afrikaans gebruik. As werkwoord kom dit egter ook in Nederlands voor. Die selfstandige naamwoord is gelykluidend en kom in die Afrikaanse spreektaal voor as dip en diep. Uit my ondersoek word dit duidelik dat laasgenoemde 'n groter gebruiksfrekwensie het. Volgens Von Wielligh se medewerkers is die toestand as volg virsover die woord deur hulle aangegee word: dip (Bredasdorp, Caledon, Montagu en Victoria-Wes); diep (Karo, Colesberg, Aliwal-Noord, Burgersdorp, Dordrecht, George, Alexandria, verskillende plekke in die Vrystaat); dip naas diep (Grikwaland-Wes en Betsjoeannaland).

69. In paragraaf 43 het ons daarop gewys hoe dikwels die algemeen-beskaafde [ɛ] afwissel met die dialektiese [ə]. Ook uit die lysie van Von Wielligh kom hierdie wisseling onder ons aandag in verskillende woorde. Tint vir tent kom byvoorbeeld voor op die volgende plekke: Bredasdorp, Caledon, Namakwaland, Graaf-Reinet en Wepener; juistemint vir juistement is o.a. opgeteken in die omgewing van Bredasdorp, Caledon, Clanwilliam, Van Rhynsdorp. Verdere voorbeelde is: gowwermint en gormint, stim, swim, mit, gekin (vir geken) en wildaad.

70. Sonstraal word, in ooreenstemming met my bevinding in hierdie omgewing, (vgl. par. 45) verreweg die meeste gebruik oor die res van ons spraakgebied. Slegs in enkele gevalle is sonsteek opgeteken, maar dan ook in gebruik naas sonstraal.

71. /

71. Bokmakierie en kokkewiet kom haas ewe dikwels voor met kokkewiek as afwisselende vorm. Interessant is die benaming bokmakoer, wat deur een van Von Wielligh se medewerkers uit die omgewing van Robertson aangegee is.

72. Aangesien geeneen van Von Wielligh se lyste uit die omgewing wat ek ondersoek het kom nie, het ek die geleentheid om my frekwensielys te vergelyk met wat uit anderstreke van ons spraakgebied gevind is, virsover dieselfde woorde op die verskillende lyste voorkom. Ons doel hiermee is nie om enige gevolgtrekkings te maak of om op iets besonders te wys nie, maar slegs om die verskillende vorme naasmekaar te hê en te sien watter in die een gebied meer aangetref word as in die ander. (By hierdie vergelyking neem ons net die woorde wat nie reeds hierbo bespreek is nie).

Frekwensielys uit die omgewing van Brits. Frekwensielys uit die res van ons spraakgebied. (Von Wielligh).

ook 10; ok 8.	:	ook 6; ok 15.
varing 15; varre 4;	:	varo 8; varing 2; vare 1;
varo 1.	:	varre 1.
petatta 8; petata 6;	:	petats 10; petatta 6; patats 1;
petats 6.	:	patatas 1; patattas 1.
okkerneut 17; onker-	:	okkerneut 9; onkerneut 7
neut 3.	:	
varkblom 2; varkoor	:	varkblom 5; varkoor 5.
13; varkblaar 1;	:	
varkensoor 1.	:	
ertappel 16; aartap-	:	ertappel 6; artappel 1; aar-
pel 2; ertáppel 1.	:	tappel 1.
twak 12; tabak 8.	:	twak 18.
baie 8; baja 9;	:	baie 9; baia 1.
baje 1.	:	

kamma...../

kamma 3; kastag 3; kastig:	kamma 6; kamtag 3; kastag
11; kammalielies 1; kam-	kamalielies 1
mag 1; kammestig 1.	
dalia 7; adalia 13.	dalia 5; adalia 4.
stinkblaar 1; olieboom 3;	stinkblaar 6; olieboom 4.
stinkolie 16.	
<u>moet vir met</u> 1.	<u>moet vir met</u> 1.
gooi 14; goi 6.	gooi 2; goi 1.
girdyne 3; gordyne 17.	girdyne 2.
sonbesie 11; boomsinger-	sonbesie 9; boomsingertjie
tjie 1; boombesie 1;	2; sonnebesie 1.
langasem 3; langasemkriek	
5.	
warrelwind 3; dwarrelwind	warrelwind 6; dwarrelwind 6.
17.	
grou 12; grau 1; grawe	grou 8; grau 6; grawe 4.
5; graaf 1.	('n Medewerker uit die Vry- staat het opgemerk dat <u>grau</u> die gebruik onder die ver- agterdes is).
trapsuutjies 17; trap-	trapsuutjies 12; (Trap-
soetjies 2; trapsuutjie 1.	soetjies, die A.B.nie opge- teken nie).
vertrouentheid 3; vertrou-	vertrouentheid 3.
15.	
geseg 2; gesig 17.	geseg 3.
petaal 8; betaal 11.	petaal 3.
voorskooie 14; voorskote 6:	voorskooie 2; voorskote 2. (Dieselfde opmerking as by <u>grau</u> is i.v.m. voorskooie gemaak).
bebeer 1; pebeer 1; per-	bebeer 1; berbeer 1; pe-
beer 4; prebeer 3; pro-	beer 1; perbeer 1.
beer 12.	
olienhout 13; oliewen-	olynhout 1; oliewenhout 1.
hout 6; olynhout 1.	

73. Na al die voorgaande is dit duidelik dat daar, virsover dit die verskynsels betref wat hier ondersoek is, maar min afwykinge is wat streng tot 'n sekere lokaliteit beperk is, want wanneer 'n verskynsel in al vier die provinsies voorkom, kan dit beswaarlik „lokaal”, in die nouer betekenis van die woord, genoem word aangesien Afrikaans as amptelike spreek- en skryftaal nie juis ver buite die grense van die Unie gebesig word nie.

H O O F S T U K I V .

BETEKENISDIFFERENSIASIE.

74. Dat dieselfde woord verskillende betekenis sal ontwikkel, is maklik te begryp, want behalwe sy betreklik vae algemene betekenis het die woord ook 'n individuele betekenis wat bepaal word deur die persoon wat dit gebruik of hoor se persoonlike ervarings en die omstandighede waarin dit gebesig word. In verskillende sosiale kringe het dieselfde woord dikwels verskillende betekenis, maar ons wil ons hier besighou met woorde wat in dieselfde maatskaplike kring dikwels verskillende betekenis het, by sommige lede van dieselfde gemeenskap altans.

As 'n mens jou spesiaal sou toelê op 'n studie van betekenisdifferensiëring in die spreektaal, sou jy heelwat gegewens kon versamel. Ongelukkig het die vraelyste nie veel hiervan openbaar nie, omdat hulle nie in die eerste instansie met hierdie doel opgestel is nie.

Veral gee dubbelvorme maklik aanleiding tot die ontwikkeling van verskil in betekenis. Vergelyk byvoorbeeld vleis en vlees, om maar een enkele voorbeeld uit die menigte te noem. Dubbelvorme in 'n taal is dus nie altyd af te keur nie, intendeel, dit is dikwels 'n ryke bron tot taalontwikkeling.

75. Vir die meeste van ons is bottel en fles sinonieme sodat dit nie daarop aankom of ons 'n bottel wyn of 'n fles wyn sê nie. By 'n paar proefpersone het ek wel onderskeid in betekenis teengekom. Vir party is 'n fles kantig terwyl 'n bottel altyd rond is. Vir 'n ander groep is 'n fles 'n bottel met 'n wye nek. Hulle praat

dan...../

dan ook van vrugteflesse, maar daarnaas word vrugtebottels netso dikwels gebruik. In hoofsaak bestaan hierdie verskil net by die ouer persone en nie by die jongeres nie.

76. Meer algemeen as in die geval van bottel en fles is die verskil tussen katbos en katstert. Die gebruikelikste opvatting is dat katbos 'n klein en baie fyn struikie is met fyn dorinkies. Die katstert, daarteenoor, is growwer en groei veel hoër. Dit vorm 'n bos van lang afsonderlike spruite met klossies fynerige blare — vandaar die ooreenkoms met die stert van 'n kat. Dat katbos en katstert vir sommige persone dieselfde is, is miskien daaraan toe te skryf dat die eerste lid van die twee samestellinge identies is. Op 'n plek waar albei die struikie voorkom, is dit by die bewoners 'n uitgemaakte saak dat dit verskillende dinge is. Die katbos word feitlik oral aangetref waar bome groei, maar die katstert nie, sodat daar vir die mense waar alleen die eersgenoemde voorkom geen verskil tussen die twee is nie.

77. Naboom en noorsdoring is ook twee woorde wat by sommige sprekers in hierdie omgewing verskillende begrippe is. Daar word vertel dat die noorsdoring 'n doringrige euphorbia-boom is. Die groeiwyse en vorm van die twee bome kom baie ooreen sodat daar geen onderskeid gemaak word nie en die twee benaminge dus vir die meeste mense dieselfde ding aandui. Vir sommige persone wat wel onderskeid maak, is die naboom minder doringrig terwyl die stam van die noorsdoring glad is. In elkgeval behoort hulle albei tot die euphorbiasoort.

Dis veral vir die Hoëveldse mense dat naboom en noorsdoring sinonieme is omdat albei bome is wat meer bepaaldelik in die Laeveld groei.

'n Sekere...../

'n Sekere proefpersoon het meegedeel dat noorsdoring 'n „kafferbenaming" is wat uit Natal afkomstig is. In hoeverre dit korrek is, kon ek ongelukkig nie vasstel nie.

In sy Ons Geselstaal beskou G. R. Von Wielligh naboom as 'n verafrikaanste kafferwoord en verduidelik dit verder deur noorsdoring in hakies agteraan te plaas, waaruit ons moet aflei dat daar nie onderskeid in betekenis tussen die twee benaminge is nie. (Bls. 73). Dit blyk verder dat daar twee soorte van noorsdoring bestaan: 'n klein en 'n groot soort (vgl. Ons Geselstaal, bls. 183). Hierdie opvatting het ek min of meer bevestig gekry deur 'n persoon wat 'n beskrywing van die klein soort gegee het. Dit is 'n klein struikagtige plant wat nie veel hoër as ongeveer twee voet word nie. Dit besit venynige haakdorings en geen blare in die regte sin van die woord nie. Die stam waaraan die dorings sit, word gewoonweg blare genoem en kom baie ooreen met die van die naboom. Dat daar so 'n klein soort noorsdoring bestaan, is baie aanneemlik, want dikwels vind naamgewing plaas na aanleiding van 'n karakteristieke kenmerk. Dit kan dus moontlik wees dat die ooreenkoms van die blare die faktor is wat verantwoordelik was dat die naam noorsdoring oorgedra is op die naboom wat eintlik tog geen dorings van betekenis het nie.

78. Von Wielligh verdeel die onderlige afwykinge in Afrikaans in drie klasse, naamlik:

- (1) Waar verskillende voorwerpe dieselfde naam dra.
- (2) Waar verskillende name op dieselfde voorwerp toegepas word.
- (3) Ander verskille.

Onder (2) noem hy tarentaal, wat by sommige persone ook

bekend...../

bekendstaan as poelpetaan. Hierdie laaste is 'n Franse woord wat in die spraak van slegs weinige sprekers behoue gebly het, soos dit ook blyk uit die talle gevalle waar sy (Von Wielligh se) medewerkers die woord as onbekend en nie in gebruik nie aangee. In die Vrystaat en die Transvaal, onder andere ook in die omgewing van Brits, is die term nie bekend nie, trouens in geeneen van die lyste is dit aangemerkt nie. Ek het egter self 'n proefpersoon (lys C 21) raakgeloop wat sê dat hy die woord al hoor gebruik het, maar dan in die betekenis van wildehoender, meer bepaald die watervoël wat ons bleshoender noem. As die algemene tarentaal is dit nie hier bekend nie sodat ons in hierdie geval 'n betekenisverskil het. Die Etimologiese Woordeboek van Afrikaans gee dit aan as poelpetaan, poelpetaat of poelpetater wat via Nederlands in Afrikaans gekom het. Die Nederlandse vorm poelepintade het ontwikkel uit die Franse poule pintade.

79. Skoenlees kan ons vandag feitlik as 'n argaïsmes beskou, want dit is iets wat in die veranderde lewensomstandighede as 't ware glad nie meer gebruik word nie omdat daar teenswoordig amper nie meer mense is wat hulle eie skoene maak nie. 'n Skoenlees is 'n lees (houtvoet) waarop die leer vasgeslaan word wanneer 'n velskoene bv. gemaak word. (Vergelyk in hierdie verband ons idioom: op dieselfde lees geskoei). Alleen ons oudste mense en mense ver van die beskawing ken hierdie woord en sal dit ook geensins in die betekenis van ysterlees besig nie. Hierdie laaste term is oorbekend, ook onder die jongstes, omdat daar feitlik by elke huis op die platteland 'n ysterlees aangetref word waarop skoene versool word. Dit is dan ook net onder die jongste geslag dat hierdie twee woorde gelykbetekenend is, omdat hulle nie die

argistiese...../

argaïstiese skoeneles in sy werklike betekenis ken nie.

80. Gewoonweg word pitseer (of pitsweer) en bloedvint as wisselvorme vir dieselfde begrip aangewend. Verskeie proefpersone deel egter mee dat daar 'n klein onderskeid bestaan. Die pitseer is ook bekend onder die naam nege-oog omdat daar rondom die hoofseer etlike ander kleiner seertjies uitkom wat elk ook 'n pit het. Die bloedvint, daarenteen, is 'n enkelvoudige seer met 'n veel groter pit. Omdat albei soorte 'n pit het, word die benaminge deurmekaar gebruik.

Volgens die mededeling van verskillende persone blyk dit dat pitseer en pitsweer hoofsaaklik in die Transvaal gebruik word, terwyl bloedvint die mees gebruiklike term in die Vrystaat is. In hoeverre dit juis is, sal 'n kaart van die geografiese verspreiding van die betrokke vorme oor ons taal gebied kan vasstel.

81. Vir die boer is 'n skrop, die gereedskapstuk waarmee 'n dam gemaak word, nie dieselfde as skropblok of skraapblok nie. Eersgenoemde word gebruik om die grond mee uit die dam te verwyder terwyl laasgenoemde dien om die grond mee los te maak of plat te sleep.

82. Potte en kastrolle is nie vir alle huisvrouens verskillende artikels nie. Gewoonweg word albei vorme gebruik vir die voorwerp waarin kos op 'n stoof gekook word, omdat 'n pot ook op die stoof gebruik kan word. Slegs wanneer daar definitief onderskeid gemaak word, sal gesê word: gee my die pot, nie die kastrol nie. In so 'n geval sal dan bedoel word die voorwerp met die pote aan, of, soos in die algemeen, ysterpot of kafferpot.

83. Ook waskom en wasskottel druk nie in alle

gevalle...../

gevalle dieselfde begrip uit nie. Die verskil is dit: die wasskottel is 'n voorwerp wat sowel in die badkamer as in die kombuis diens doen, terwyl die waskom meer bepaaldelik in die badkamer op sy plek is. Die wasskottel in die kombuis dien om allerhande opwaswerk in te doen, ook om in geknie te word. Volgens Von Wielligh se lyste word eersgenoemde uitsluitlik in die badkamer gebruik, terwyl die wasskottel ook groenteskottel genoem word.

H O O F S T U K V .

SINTAKSIS EN VORMLEER.

84. Volledig kan hier nie op die sintaksis en vormleer ingegaan word nie, ten eerste omdat die ondersoek daarvoor nie breed en diepgaande genoeg is nie en, 'ten tweede, omdat die taal van hierdie streek nie eers naastenby 'n min of meer geslote eenheid uitmaak of taamlik skerp van die res van ons spraakgebied te onderskei is nie. Alleen 'n paar in-die-oog-lopende gevalletjies kan hier genoem word; daarby moet dit weereens benadruk word dat hierdie toestand nie tot hierdie streek alleen beperkbly nie maar ook taamlik algemeen elders aangetref word waar Afrikaans die spreektaal is.

85. Die negatief. Deurgaans word die dubbele negatief gebruik, maar om die ontkenning sterker te maak word daar dikwels 'n ekstra, oortollige negatief aangevoeg sodat, logies beskou, presies die teenoorgestelde gesê word van wat bedoel is. Dit is gewoonlik die geval waar nooit in die sin voorkom. 'n Paar voorbeelde is: Ek het nooit niks gesê nie. Ek het jou nooit nie gesien nie. Jy weet ook nooit niks as ek jou vra nie.

86. In sinne soos: Hy het gegaan eet, gekom werk, gesit en slaap kom die verlede deelwoord in plaas van die infinitief algemeen voor by oud en jonk. Waar dit nie die geval is nie kan met beslistheid gesê word dat dit die invloed van die skoolgeleerdheid en boektaal is. Hierdie is 'n verskynsel wat nie net in die spreektaal werk nie maar ook in die geskrewe; trouens, baie van

ons...../

ons (beste) skrywers gebruik vandag nog daardie vorm. Vir die gewone man klink het sit en slaap ongewoon en nie perfektief genoeg nie sodat hy voorkeur sal gee aan die uitdrukking met die verlede deelwoord.

87. Die staan en-konstruksie word so dikwels gebruik dat 'n mens soms uitdrukkinge met teensprende woorde hoor, soos byvoorbeeld: Hy het gestaan en agteruitloop toe.....' Wat staan en lê jy die hele dag in die dorp?

88. Ook wat die vormleer betref, is daar weinig noemenswaardige afwykinge van die algemeen-beskaafd.

Uit die lyste blyk dit dat die perfektiewe voorvoegsel ge- nogal baie dikwels gevoeg word aan die verlede deelwoorde van werkwoorde met swakbeklemtoonde voorvoegsels be-, ge-, er-, ver-, ens. Voorbeelde is onder andere: geverwag, ge-erken en gebegin.

Die ge- word verder dikwels gebruik waar ons dit gewoonlik nie doen nie. Vergelyk bv. geregeer, geprobeer ens.

Hierdie voorvoegsels word veral gevind in die taal van ons oudste mense en jong kinders. Die verskynsel moet natuurlik aan analogiewerking toegeskryf word.

89. Op die gebied van die selfstandige naamwoord is die twee groot meervoudvormingsgroepe die op -s en -e. Dikwels word die groepe deurmekaar gebruik sodat ons 'n meervoud op -s kry waar ons volgens die reëls van die spraakkuns -e verwag, en omgekeerd. Maar hier moet ons ook die werking van analogie in aanmerking neem sodat ons op hierdie gebied verder niks op te merk het nie.

90. Wat die voornaamwoord betref, is daar gevind

dat...../

dat die eerste naamval gebruik word in die plek van die derde of vierde naamval, byvoorbeeld hy in plaas van hom en ek in plaas van my in sinne soos: Sê vir hy en Koos hulle moet hier kom! Hy sê toe vir ek en my pa..... Toe sien hulle vir ek en my broer.... Dit is egter nie die geval wanneer die betrokke voornaamwoord alleen staan nie, maar in verbinding met 'n ander soos in die voorbeelde.

91. Miskien moet ons die verskynsel 'so verklaar dat ek en my pa, byvoorbeeld, as 'n eenheid gevoel word en dit dan ewe maklik in die plek van 'n voornaamwoord gebruik kan word.

92. In enkele gevalle het ek waargeneem dat het as infinitief voorkom in die sin: Sal jy genoeg spykers het om die skoene te versool?

93. Op die gebied van die verkleinwoord is stapelvorme hier nie 'n seldsaamheid nie. Dit geld veral selfstandige naamwoorde wat reeds 'n verkleining is, byvoorbeeld mandjie. Dikwels word daar nog 'n diminutief voor aangevoeg met die gevolg dat 'n mens telkens hoor: 'n klein mandjietjie.

O P S O M M I N G .

'n Dialekgeografiese ondersoek na die spreektaal van 'n bepaalde gebied bring niks nuuts aan die lig nie maar konstateer net weer die bekende feite in verband met ons taal en die dialektiese eienaardighede. Tenspyte hiervan is 'n momentopname van die taal van vandag belangrik, nie alleen met die oog op die stand van sake in die toekoms nie, maar ook in die teenswoordige.

Eers het ons dit gehad oor die fonetiese afwykinge van die algemeen-beskaafd. Hoofstuk III handel oor die woordeskat en toon aan dat daar in sommige gevalle baie vorme van dieselfde woord in gebruik is en dat hierdie vorme deurmekaar voorkom in ons spreektaal. Oor die algemeen is die algemeen-beskaafde vorm in die meerderheid, maar aan die ander kant blyk dit dat die algemeen-beskaafd dit nie altyd wen teenoor die dialektiese afwyking nie, soos bv. laagte teenoor leegte.

Die taal van die jonger geslag verskil van die taal van die oudste geslag in dié opsig dat dit nader aan die algemene taal staan. In 'n groot mate is dit die gevolg van die skoolgeleerdheid en boektaal, maar tenspyte hiervan is baie dialektiese afwykinge sterk teenwoordig in die taal van die jongeres.

Verder het dit duidelik geword dat die verskynsels, virsover dit hierdie ondersoek betref, so algemeen oor die spraakgebied verbreed is dat 'n mens hulle beswaarlik lokaal in die enger betekenis van die woord kan noem.


L I T E R A T U U R L Y S .

- Bach, Adolf: Deutsche Mundartforschung. (Heidelberg, 1934).
- Boshoff, S.P.E.: Etimologiese Woordeboek van Afrikaans. (Nas. Pers, 1936).
- le Roux, T.H.en Pienaar, P.: Afrikaanse Fonetiek. (Juta, 1927).
- Louw, S.A.: Taalgeografie. Inleidende Gedagtes oor Dialekstudie. (Van Schaik, 1941).
Die Plek wat die Dialek toekom as Deel van die Volkstaal. (Art. in Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Aug. 1946).
- Rademeyer, J.H.: Kleurling-Afrikaans. (Amsterdam, 1938).
- Roukins, Win: Wort- und Sachgeographie in Niederländisch-Limburg und den benachbarten Gebieten. Teil 1A. (Nijmegen, 1937).
- Von Wielligh, G.R.: Ons Geselstaal. (Van Schaik, 1925).

LYS VAN PLEKNAME .


Die volgende is 'n lys van plekke met daarteenoor die getal bruikbare lyste van daardie betrokke plek.

<u>Plek. (Plaas of naaste skool).</u>	<u>Aantal lyste.</u>
Brits.	22
Marikana.	8
Beestekraal.	5
Zoutpansdrif.	4
Palmietfontein.	2
Hekpoort.	1
Elandsfontein.	2
Sanddrif.	6
Elandskraal.	4
Wolhuterskop.	3
Hartebeespoort.	1
Rustenburg.	2
Mamagalieskraal.	9
Rooikoppies (Brits).	7
Kareepoort.	4
Sonop.	3
De Kroon.	3
Vissershoeck.	2
Welgevonden.	1
Kleinfontein.	3
Kameeldrif.	1
Assen.	1
Hartbeesfontein.	1
Bokfontein.	1
Slagkraal.	1
Nauwpoort.	1



Kaart van die omgewing waarop hierdie ondersoek
betrekking het.

(SKAAL; 1 duim = 7.89 standaard myle).



o laagte.

^ leegte.